Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

# THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

# Staatskoerant

# VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregisteer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

Vol. VIII.] PRICE 5c CAPE TOWN, 28TH JUNE, 1963. KAAPSTAD, 28 JUNIE 1963. PRYS 5c [No. 540.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 983.] [28th June, 1963.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—


| | | PAGE |
|---|---|---|
| No. 60 of 1963: | Friendly Societies Amendment Act, 1963 | 2 |
| No. 61 of 1963: | Patents Amendment Act, 1963 | 6 |
| No. 62 of 1963: | Trade Marks Act, 1963 | 8 |
| No. 63 of 1963: | Water Amendment Act, 1963 | 60 |
| No. 64 of 1963: | Provincial Executive Committees Act, 1963 | 64 |
| No. 65 of 1963: | Unit Trusts Control Amendment Act, 1963 | 66 |


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 983.] [28 Junie 1963.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| No. 60 van 1963: | Wysigingswet op Onderlinge Hulpverenigings, 1963 | 3 |
| No. 61 van 1963: | Wysigingswet op Patente, 1963 | 7 |
| No. 62 van 1963: | Wet op Handelsmerke, 1963 | 9 |
| No. 63 van 1963: | Water-wysigingswet, 1963 | 61 |
| No. 64 van 1963: | Wet op Provinsiale Uitvoerende Komitees, 1963 | 65 |
| No. 65 van 1963: | Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1963 | 67 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 60, 1963.]

# ACT

**To amend the Friendly Societies Act, 1956.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st June,* 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 5 of Act 25 of 1956.

**1.** Section *five* of the Friendly Societies Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:

"(3) Upon receipt of the documents referred to in sub-sections (1) and (2) the registrar shall, if the society has complied with such requirements as the registrar may have prescribed and he is satisfied that the registration of the society is desirable in the public interest, register the society provisionally and forward to the applicant a certificate of provisional registration.";

(*b*) by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:

"(4) If after considering any such application, in respect of a society which has been provisionally registered, the registrar is satisfied—

(*a*) that the rules of the society are not inconsistent with this Act and are based on sound financial principles;

(*b*) that the methods according to which business is or is proposed to be transacted by the society are not undesirable;

(*c*) that the society is in a financially sound condition; and

(*d*) that, having regard to all the circumstances, the rules of the society are not unduly inequitable as between different members or groups of members,

he shall register the society as a friendly society and transmit to the applicant a certificate of registration as well as a copy of the rules of the society bearing an endorsement of the date of registration, and thereupon the society shall cease to be provisionally registered.";

(*c*) by the insertion after sub-section (5) of the following sub-section:

"(5)*bis* (*a*) When the registrar indicates in terms of sub-section (5) to the applicant any requirements to be complied with the registrar may at the same time determine a period within which such requirements shall be complied with.

(*b*) The registrar may at any time before the expiration of any period determined under this sub-section modify any requirements indicated to the applicant in terms of sub-section (5) or determine a different period in substitution of the existing period (which shall not be shorter than the unexpired portion of the existing period) within which the requirements, or the requirements as modified in terms of this paragraph, shall be complied with."; and

(*d*) by the substitution in sub-section (7) for the expression "sub-paragraph (iii) of paragraph (*a*)" of the expression "paragraph (*c*)".

Amendment of section 36 of Act 25 of 1956.

**2.** Section *thirty-six* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the addition at the end of paragraph (*b*) of sub-section (2) of the word "or"; and

(*b*) by the addition to sub-section (2) of the following paragraph:

"(*c*) the society has failed to comply with any requirement of the registrar indicated to it in terms of sub-section (5) of section *five* or with any such requirement as modified in terms of paragraph (*b*) of sub-section (5)*bis* of that section within any period determined in terms of the said sub-section (5)*bis*.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 60, 1963.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Junie* 1963.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 5 van Wet 25 van 1956.

**1.** Artikel *vyf* van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur sub-artikel (3) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(3) By ontvangs van die in sub-artikels (1) en (2) bedoelde dokumente moet die registrateur, indien die vereniging voldoen het aan die vereistes wat die registrateur voorgeskryf het en hy oortuig is dat die registrasie van die vereniging in die openbare belang wenslik is, die vereniging voorlopig registreer en 'n sertifikaat van voorlopige registrasie aan die applikant stuur.";

(*b*) deur sub-artikel (4) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(4) Indien die registrateur na oorweging van so 'n aansoek ten opsigte van 'n vereniging wat voorlopig geregistreer is, oortuig is—

(*a*) dat die statute van die vereniging nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie en op gesonde geldelike beginsels gebaseer is;

(*b*) dat die metodes waarvolgens die vereniging besigheid dryf of voornemens is om besigheid te dryf, nie ongewens is nie;

(*c*) dat die toestand van die vereniging uit 'n geldelike oogpunt gesond is; en

(*d*) dat die statute van die vereniging met die oog op al die omstandighede, nie buitensporige onbillikheid tussen verskillende lede of groepe van die lede skep nie,

moet hy die vereniging as 'n onderlinge hulpvereniging registreer en 'n registrasiesertifikaat asook 'n afskrif van die statute van die vereniging, waarop die datum van registrasie geëndosseer is, aan die applikant stuur en daarop hou die vereniging op om voorlopig geregistreer te wees.";

(*c*) deur na sub-artikel (5) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(5)*bis* (*a*) Wanneer die registrateur die applikant ingevolge sub-artikel (5) verwittig van enige vereistes waaraan voldoen moet word, kan die registrateur terselfdertyd 'n tydperk bepaal waarin daar aan sodanige vereistes voldoen moet word.

(*b*) Die registrateur kan te eniger tyd voor die verstryking van 'n tydperk wat kragtens hierdie subartikel bepaal is, enige vereistes waarvan die applikant ingevolge sub-artikel (5) verwittig is, wysig of 'n ander tydperk ter vervanging van die bestaande tydperk bepaal (wat nie korter mag wees as die onverstreke deel van die bestaande tydperk nie) waarin daar aan die vereistes, of aan die vereistes soos ingevolge hierdie paragraaf gewysig, voldoen moet word."; en

(*d*) deur in sub-artikel (7) die uitdrukking „sub-paragraaf (iii) van paragraaf (*a*)" deur die uitdrukking „paragraaf (*c*)" te vervang.

Wysiging van artikel 36 van Wet 25 van 1956.

**2.** Artikel *ses-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur aan die end van paragraaf (*b*) van sub-artikel (2) die woord „of" by te voeg; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by sub-artikel (2) te voeg:

„(*c*) die vereniging versuim het om te voldoen aan enige vereiste van die registrateur waarvan die vereniging ingevolge sub-artikel (5) van artikel *vyf* verwittig is of aan enige sodanige vereiste soos gewysig ingevolge paragraaf (*b*) van sub-artikel (5)*bis* van daardie artikel binne enige tydperk wat ingevolge genoemde sub-artikel (5)*bis* bepaal is.".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



Amendment of section 43 of Act 25 of 1956, as amended by section 11 of Act 68 of 1962.

**3.** Section *forty-three* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (3) for the words "register the society provisionally whereafter" of the words "inform the said person accordingly and thereafter the person concerned shall be regarded as carrying on the business of a friendly society and".

Short title.

**4.** This Act shall be called the Friendly Societies Amendment Act, 1963.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Artikel *drie-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (3) die woorde „die betrokke vereniging voorlopig registreer waarna die bepalings van hierdie Wet op genoemde vereniging van toepassing sal wees" deur die woorde „genoemde persoon dienooreenkomstig in kennis stel en daarna is die bepalings van hierdie Wet op genoemde vereniging van toepassing" te vervang.

**Wysiging van artikel 43 van Wet 25 van 1956, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 68 van 1962.**

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Onderlinge Hulpverenigings, 1963.

**Kort titel.**

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 61, 1963.]

# ACT

**To amend the Patents Act, 1952.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st June*, 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 4 of Act 37 of 1952, as amended by section 2 of Act 28 of 1953.

**1.** (1) Section *four* of the Patents Act, 1952 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:

"(5) The State President may from time to time appoint an acting commissioner to execute the office and functions of the commissioner during his absence or illness or whenever for any reason he is unable to perform the duties of his office or while the appointment of a commissioner is pending.".

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the fifth day of February, 1963.

Amendment of section 69 of Act 37 of 1952.

**2.** (1) Section *sixty-nine* of the principal Act is hereby amended by the addition thereto of the following sub-section, the existing section becoming sub-section (1):

"(2) The right of inspection conferred by sub-section (1) shall not include the right to make copies of or take extracts from the register or any document referred to in that sub-section by mechanical means: Provided that the registrar may, where owing to circumstances beyond his control copies of any document required under section *seventy* cannot be furnished without undue delay, permit any person to make such copies by mechanical means.".

(2) Sub-section (1) shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Short title.

**3.** This Act shall be called the Patents Amendment Act, 1963.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 61, 1963.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Patente, 1952.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 21 Junie 1963.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 4 van Wet 37 van 1952, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 28 van 1953.

**1.** (1) Artikel *vier* van die Wet op Patente, 1952 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur sub-artikel (5) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(5) Die Staatspresident kan van tyd tot tyd 'n waarnemende kommissaris aanstel om die ampspligte en funksies van die kommissaris uit te oefen tydens sy afwesigheid of siekte of wanneer hy om enige rede nie in staat is om sy ampspligte uit te oefen nie of terwyl die aanstelling van 'n kommissaris hangende is.".

(2) Sub-artikel (1) word geag op die vyfde dag van Februarie 1963 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 69 van Wet 37 van 1952.

**2.** (1) Artikel *nege-en-sestig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel daarby te voeg, terwyl die bestaande artikel sub-artikel (1) word:

„(2) Die reg van insae by sub-artikel (1) verleen, sluit nie die reg in om met meganiese middels afskrifte van die register of 'n dokument in daardie sub-artikel bedoel, te maak of uittreksels daaruit te neem nie: Met dien verstande dat die registrateur, waar afskrifte van enige dokument wat ingevolge artikel *sewentig* vereis word, weens omstandighede buite sy beheer nie sonder buitensporige vertraging verstrek kan word nie, enigiemand kan toelaat om sodanige afskrifte met meganiese middels te maak.".

(2) Sub-artikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* vasstel.

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Patente, 1963.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 62, 1963.]

# ACT

**To consolidate and amend the law relating to trade marks.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st June*, 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

## INTRODUCTORY.

**Division of Act into Parts.**

**1.** This Act is divided into eighteen Parts which relate to the following matters respectively:—

PART I. Administration (sections *five* to *nine*).
PART II. Registrable Trade Marks (sections *ten* to *nineteen*).
PART III. Application for Registration (sections *twenty* to *twenty-five*).
PART IV. Opposition (sections *twenty-six* to *thirty*).
PART V. The Register of Trade Marks (sections *thirty-one* to *thirty-six*).
PART VI. Registration and its Effects (sections *thirty-seven* to *forty-two*).
PART VII. Infringement (sections *forty-three* to *forty-six*).
PART VIII. Duration and Renewal of Registration (section *forty-seven*).
PART IX. Registered Users (section *forty-eight*).
PART X. Assignment (sections *forty-nine* to *fifty-one*).
PART XI. Certification Marks (section *fifty-two*).
PART XII. Defensive Trade Marks (section *fifty-three*).
PART XIII. Powers and Duties of Registrar (sections *fifty-four* to *fifty-eight*).
PART XIV. Evidence (sections *fifty-nine* to *sixty-two*).
PART XV. Appeals to and Powers of the Court (sections *sixty-three* to *sixty-nine*).
PART XVI. Offences (sections *seventy* to *seventy-two*).
PART XVII. International Arrangements (section *seventy-three*).
PART XVIII. Miscellaneous (sections *seventy-four* to *eighty-three*).

**Definitions.**

**2.** (1) In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "assignment" means assignment by act of the parties concerned; and "assign" or "assignable" has a corresponding meaning; (xx)

(ii) "certification mark" means a mark registered or deemed to have been registered under section *fifty-two* of this Act; (xxiii)

(iii) "convention country" in relation to any provision of this Act, means a country, including any colony, protectorate or territory subject to the authority or under the suzerainty of any other country, or any territory over which a mandate or trusteeship is exercised, which the State President has, with a view to the fulfilment of any treaty, convention, arrangement or engagement to which the Republic is a party, by proclamation in the *Gazette* declared to be a convention country for purposes of such provision; (x)

(iv) "court", in relation to any matter, means the division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction in respect of that matter; (ix)

(v) "device" means any visual representation or illustration capable of being reproduced upon a surface, whether by printing, embossing, or by any other means; (ii)

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 62, 1963.]

# WET

**Tot samevatting en wysiging van die wetsbepalings met betrekking tot handelsmerke.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Junie* 1963.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INLEIDENDE BEPALINGS.

**Indeling van Wet in Dele.**

**1.** Hierdie Wet word ingedeel in agtien Dele wat onderskeidelik op die volgende onderwerpe betrekking het:—

DEEL I. Administrasie (artikels *vyf* tot *nege*).
DEEL II. Registreerbare Handelsmerke (artikels *tien* tot *negentien*).
DEEL III. Aansoek om Registrasie (artikels *twintig* tot *vyf-en-twintig*).
DEEL IV. Verset (artikels *ses-en-twintig* tot *dertig*).
DEEL V. Die Register van Handelsmerke (artikels *een-en-dertig* tot *ses-en-dertig*).
DEEL VI. Registrasie en die Gevolge daarvan (artikels *sewe-en-dertig* tot *twee-en-veertig*).
DEEL VII. Inbreuk (artikels *drie-en-veertig* tot *ses-en-veertig*).
DEEL VIII. Duur en Hernuwing van Registrasie (artikel *sewe-en-veertig*).
DEEL IX. Geregistreerde Gebruikers (artikel *agt-en-veertig*).
DEEL X. Sessie (artikels *nege-en-veertig* tot *een-en-vyftig*).
DEEL XI. Waarmerkingsmerke (artikel *twee-en-vyftig*).
DEEL XII. Defensiewe Handelsmerke (artikel *drie-en-vyftig*).
DEEL XIII. Bevoegdhede en Pligte van Registrateur (artikels *vier-en-vyftig* tot *agt-en-vyftig*).
DEEL XIV. Bewyslewering (artikels *nege-en-vyftig* tot *twee-en-sestig*).
DEEL XV. Appèlle na en Bevoegdhede van die Hof (artikels *drie-en-sestig* tot *nege-en-sestig*).
DEEL XVI. Misdrywe (artikels *sewentig* tot *twee-en-sewentig*).
DEEL XVII. Internasionale Reëlings (artikel *drie-en-sewentig*).
DEEL XVIII. Gemengde Bepalings (artikels *vier-en-sewentig* tot *drie-en-tagtig*).

**Woordbepaling.**

**2.** (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „beperkings" enige beperkings van die alleenreg op die gebruik van 'n handelsmerk wat deur die registrasie van iemand as eienaar daarvan verleen word, met inbegrip van beperkings van daardie reg betreffende die wyse van gebruik, betreffende die gebruik met betrekking tot goedere wat verkoop gaan word of waarmee andersins handel gedryf gaan word, in enige plek binne die Republiek, of betreffende die gebruik met betrekking tot goedere wat na 'n mark buite die Republiek uitgevoer gaan word; (vii)

(ii) „devies" enige visuele voorstelling of illustrasie wat op 'n oppervlakte gereproduseer kan word, hetsy deur drukwerk, bosselering of deur enige ander middel; (v)

(iii) „geregistreerde gebruiker" iemand wat op die betrokke tydstip as sodanig kragtens artikel *agt-en-veertig* van hierdie Wet geregistreer is; (xv)

(iv) „geregistreerde handelsmerk" 'n handelsmerk wat kragtens hierdie Wet geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees; (xiv)

(v) „handelsmerk" (behalwe met betrekking tot 'n waarmerkingsmerk) 'n merk wat gebruik word of voorgestel word om gebruik te word op of in verband met goedere ter—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(vi) "legal practitioner" means an attorney of the Supreme Court of South Africa or an advocate of such Court duly instructed by an attorney or patent agent to appear before the registrar or his deputy; (xvii)

(vii) "limitations" means any limitations of the exclusive right to the use of a trade mark given by the registration of a person as proprietor thereof, including limitations of that right as to the mode of use, as to use in relation to goods to be sold, or otherwise traded in, in any place within the Republic, or as to use in relation to goods to be exported to any market outside the Republic; (i)

(viii) "mark" includes a device, brand, heading, label, ticket, name, signature, word, letter, numeral or any combination thereof or a distinctive container for goods; (xi)

(ix) "Minister" means the Minister of Economic Affairs; (xii)

(x) "patent agent" means a patent agent registered under the Patents Act, 1952 (Act No. 37 of 1952); (xiv)

(xi) "permitted use" means the permitted use referred to in sub-section (1) of section *forty-eight* of this Act; (xxi)

(xii) "prescribed" means prescribed by or under this Act; (xxii)

(xiii) "register" means the register of trade marks kept under this Act; (xv)

(xiv) "registered trade mark" means a trade mark registered or deemed to be registered under this Act; (iv)

(xv) "registered user" means a person who is for the time being registered as such under section *forty-eight* of this Act; (iii)

(xvi) "registrar" means the registrar of trade marks appointed under this Act; (xvi)

(xvii) "regulation" means any regulation made and in force under this Act; (xviii)

(xviii) "repealed law" means those provisions of the Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916 (Act No. 9 of 1916), which relate to trade marks and which are repealed by this Act; (vii)

(xix) "Republic" means the Republic of South Africa; (xix)

(xx) "this Act" includes the regulations; (viii)

(xxi) "trade mark" means (except in relation to a certification mark) a mark used or proposed to be used upon or in relation to goods for the purpose of—

(*a*) indicating a connection in the course of trade between the goods and some person having the right either as proprietor or as a registered user to use the mark, whether with or without any indication of the identity of that person; and

(*b*) distinguishing the goods upon which or in relation to which the mark is used, from the same kind of goods manufactured, produced, selected, dealt with or offered for sale by any other person; (v)

(xxii) "trade mark agent" means any person who, in terms of this Act, is entitled to represent any other person; (vi)

(xxiii) "transmission" means transfer by operation of law, devolution on the executor of a deceased person and any other mode of transfer not being assignment; and "transmit" or "transmissible" has a corresponding meaning. (xiii)

(2) References in this Act to the use of a mark shall be construed as references to the use of a printed or other visual representation of the mark, and in addition, in the case of a container, use of such container, and references therein to the use of a mark in relation to goods shall be construed as references to the use thereof upon, or in physical or other relation to, goods.

**Application of this Act to trade marks registered under the repealed aw.**

**3.** (1) Subject to the provisions of section *eighty-one*, this Act shall apply to trade marks registered or deemed to be registered under the repealed law and such trade marks shall be deemed to be registered in part A of the register.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*a*) aanduiding van 'n verband in die loop van die handel tussen die goedere en een of ander persoon wat die reg het òf as eienaar òf as 'n geregistreerde gebruiker om die merk te gebruik, hetsy met of sonder 'n aanduiding van die identiteit van daardie persoon; en

(*b*) onderskeiding van die goedere waarop of in verband waarmee die merk gebruik word, van dieselfde soort goedere wat vervaardig, geproduseer, of uitgekies word of waarmee gehandel word of wat vir verkoop aangebied word deur 'n ander persoon; (xxi)

(vi) „handelsmerkagent" iemand wat ingevolge hierdie Wet geregtig is om 'n ander persoon te verteenwoordig; (xxii)

(vii) „herroepe wet" daardie bepalings van die „Wet op Patenten, Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916" (Wet No. 9 van 1916), wat op handelsmerke betrekking het en wat deur hierdie Wet herroep word; (xviii)

(viii) „hierdie Wet" ook die regulasies; (xx)

(ix) „hof", met betrekking tot 'n aangeleentheid, die afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat ten opsigte van daardie aangeleentheid regsbevoegdheid het; (iv)

(x) „konvensieland", met betrekking tot enige bepaling van hierdie Wet, 'n land, met inbegrip van 'n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of onder die susereiniteit van 'n ander land, of 'n gebied waaroor 'n mandaat of trusteeskap uitgeoefen word, wat die Staatspresident met die oog op die nakoming van 'n verdrag, konvensie, skikking of verpligting waarby die Republiek 'n party is, vir die toepassing van daardie bepaling by proklamasie in die *Staatskoerant* tot 'n konvensieland verklaar het; (iii)

(xi) „merk" ook 'n devies, brandmerk, opskrif, etiket, kaartjie, naam, naamtekening, woord, letter, syfer of 'n samestelling daarvan of 'n onderskeidende houer vir goedere; (viii)

(xii) „Minister" die Minister van Ekonomiese Sake; (ix)

(xiii) „oordrag" oordrag van regsweë, toeval op die eksekuteur van 'n oorlede persoon, en enige ander wyse van oordrag wat nie sessie is nie; en het „oordra" of „oordraagbaar" 'n ooreenstemmende betekenis; (xxiii)

(xiv) „patentagent" 'n patentagent kragtens die Wet op Patente, 1952 (Wet No. 37 van 1952), geregistreer; (x)

(xv) „register" die register van handelsmerke kragtens hierdie Wet gehou; (xiii)

(xvi) „registrateur" die registrateur van handelsmerke kragtens hierdie Wet aangestel; (xvi)

(xvii) „regspraktisyn" 'n prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n advokaat van daardie Hof behoorlik deur 'n prokureur of patentagent gelas om voor die registrateur of sy plaasvervanger te verskyn; (vi)

(xviii) „regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag; (xvii)

(xix) „Republiek" die Republiek van Suid-Afrika; (xix)

(xx) „sessie" 'n sessie deur die handeling van die betrokke partye; en het „sedeer" of „sedeerbaar" 'n ooreenstemmende betekenis; (i)

(xxi) „veroorloofde gebruik" die in sub-artikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van hierdie Wet bedoelde veroorloofde gebruik; (xi)

(xxii) „voorgeskryf" of „voorgeskrewe" by of kragtens hierdie Wet voorgeskryf; (xii)

(xxiii) „waarmerkingsmerk" 'n merk wat geregistreer is of geag word geregistreer te wees kragtens artikel *twee-en-vyftig* van hierdie Wet. (ii)

(2) Verwysings in hierdie Wet na die gebruik van 'n merk, word uitgelê as verwysings na die gebruik van 'n gedrukte of ander visuele voorstelling van die merk, en daarbenewens, in die geval van 'n houer, gebruik van daardie houer, en verwysings daarin na die gebruik van 'n merk in verhouding tot goedere, word uitgelê as verwysings na die gebruik daarvan op, of in 'n fisiese of ander verhouding tot, goedere.

**Toepassing van hierdie Wet op handelsmerke kragtens die herroepe wet geregistreer.**

**3.** (1) Behoudens die bepalings van artikel *een-en-tagtig*, is hierdie Wet van toepassing op handelsmerke wat geregistreer is of geag word geregistreer te wees kragtens die herroepe wet en bedoelde handelsmerke word geag geregistreer te wees in deel A van die register.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) Subject to the provisions of sub-section (1), all applications and proceedings commenced under the repealed law shall be dealt with in accordance with the provisions of that law: Provided that in the case of an application for the registration of a trade mark, the registrar may, upon a request by the applicant, treat the application as an application for registration in part B of the register.

This Act binds the State.

**4.** This Act shall bind the State.

PART I.

ADMINISTRATION.

Establishment of trade marks office.

**5.** (1) There shall be established in Pretoria an office to be called the trade marks office.

(2) The trade marks office established under paragraph (*c*) of section *four* of the repealed law shall be deemed to have been established under this section.

Registrar of trade marks.

**6.** (1) There shall be an officer for the Republic styled the registrar of trade marks, who shall be appointed subject to the laws governing the public service and who shall, subject to the directions of the Minister, have the chief control of the trade marks office.

(2) There may similarly be appointed a deputy registrar of trade marks and an assistant registrar who shall, subject to the control of the registrar, have all the powers conferred by this Act on the registrar, and who shall whenever the registrar is for any reason unable to fulfil his duties, act temporarily in his stead.

(3) The registrar of designs, trade marks and copyright appointed under sub-section (1) of section *five* of the repealed law shall be deemed to have been appointed registrar of trade marks under this Act.

Seal of trade marks office.

**7.** There shall be a seal of the trade marks office and the impression of the seal shall be judicially noticed.

Unauthorized persons not to act in trade mark matters.

**8.** (1) The registrar shall permit an agent to do on behalf of the person for whom he is agent, any act in connection with registration under this Act or any proceedings relating thereto: Provided that no person other than a legal practitioner or patent agent shall be permitted so to act or, for gain, to furnish advice in relation thereto unless he can satisfy the registrar that for a continuous period of not less than two years immediately preceding the first day of January, 1964, he has practised for his own account, or has been employed, as a trade mark agent in the Republic.

(2) There shall be kept at the trade marks office a register wherein shall be entered the full names and addresses of all persons, other than legal practitioners and patent agents, who have established their right to practise in terms of sub-section (1), and a person, other than a legal practitioner or patent agent, whose name has not been so entered, shall not be entitled so to practise.

(3) Any person who contravenes the provisions of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand.

Unqualified persons not to describe themselves as trade mark agents.

**9.** (1) No person shall describe himself as a trade mark agent or hold himself out or permit himself to be described or held out as entitled to undertake the work of a trade mark agent unless he is a legal practitioner or a patent agent or a person whose name has been entered in the register referred to in sub-section (2) of section *eight*.

(2) Any person who contravenes the provisions of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand.

PART II.

REGISTRABLE TRADE MARKS.

Essential particulars of trade marks registrable in part A of the register.

**10.** (1) In order to be registrable in part A of the register, a trade mark (other than a certification mark) shall contain or consist of at least one of the following essential particulars:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Behoudens die bepalings van sub-artikel (1) word met alle aansoeke en verrigtinge wat kragtens die herroepe wet begin is, ooreenkomstig die bepalings van daardie wet gehandel: Met dien verstande dat in die geval van 'n aansoek om registrasie van 'n handelsmerk, die registrateur, op versoek van die applikant, die aansoek kan behandel as 'n aansoek om registrasie in deel B van die register.

**4.** Hierdie Wet bind die Staat. Hierdie Wet bind die Staat.

## DEEL I.

### ADMINISTRASIE.

**5.** (1) Daar word in Pretoria 'n kantoor ingestel wat die kantoor van handelsmerke genoem word. Instelling van kantoor van handelsmerke.

(2) Die kantoor van handelsmerke wat kragtens paragraaf (*c*) van artikel *vier* van die herroepe wet ingestel is, word geag kragtens hierdie artikel ingestel te wees.

**6.** (1) Daar moet 'n beampte vir die Republiek wees wat die registrateur van handelsmerke heet en wat met inagneming van die wette tot reëling van die staatsdiens aangestel word en wat, behoudens die voorskrifte van die Minister, die hoofbeheer oor die kantoor van handelsmerke het. Registrateur van handelsmerke.

(2) Daar kan insgelyks 'n adjunk-registrateur van handelsmerke en 'n assistent-registrateur aangestel word wat, onderworpe aan die beheer van die registrateur, al die bevoegdhede het wat by hierdie Wet aan die registrateur verleen word, en wat wanneer die registrateur om die een of ander rede nie sy pligte kan uitvoer nie, tydelik in sy plek optree.

(3) Die registrateur van modelle, handelsmerke en outeursreg wat kragtens sub-artikel (1) van artikel *vyf* van die herroepe wet aangestel is, word geag kragtens hierdie Wet as registrateur van handelsmerke aangestel te wees.

**7.** Die kantoor van handelsmerke moet 'n seël hê en van die afdruk van die seël word geregtelike kennis geneem. Seël van kantoor van handelsmerke.

**8.** (1) Die registrateur moet 'n agent toelaat om ten behoewe van die persoon vir wie hy agent is, enige handeling te verrig in verband met registrasie kragtens hierdie Wet of enige verrigtinge met betrekking daartoe: Met dien verstande dat geen persoon behalwe 'n regspraktisyn of patentagent toegelaat mag word om aldus op te tree of om, vir wins, advies met betrekking daartoe te gee nie, tensy hy die registrateur kan oortuig dat hy vir 'n onafgebroke tydperk van minstens twee jaar onmiddellik voor die eerste dag van Januarie 1964 as 'n handelsmerkagent in die Republiek vir sy eie rekening gepraktiseer het of werksaam was. Ongemagtigde persone mag nie in handelsmerkaangeleenthede optree nie.

(2) Daar moet in die kantoor van handelsmerke 'n register gehou word waarin ingeskryf moet word die volle name en adresse van alle persone, behalwe regspraktisyns en patentagente, wat hulle reg om ingevolge sub-artikel (1) te praktiseer, bewys het, en niemand, behalwe 'n regspraktisyn of patentagent, wie se naam nie aldus ingeskryf is nie, is geregtig om aldus te praktiseer nie.

(3) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.

**9.** (1) Niemand mag homself 'n handelsmerkagent noem of homself voordoen of toelaat dat hy beskrywe of voorgedoen word as iemand wat geregtig is om die werk van 'n handelsmerkagent te onderneem nie tensy hy 'n regspraktisyn of 'n patentagent is of 'n persoon is wie se naam in die in sub-artikel (2) van artikel *agt* bedoelde register ingeskryf is. Ongekwalifiseerde persone mag hulself nie handelsmerkagente noem nie.

(2) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.

## DEEL II.

### REGISTREERBARE HANDELSMERKE.

**10.** (1) Ten einde in deel A van die register registreerbaar te wees, moet 'n handelsmerk (behalwe 'n waarmerkingsmerk) minstens een van die volgende wesenlike besonderhede bevat of daaruit bestaan: Wesenlike besonderhede van handelsmerke registreerbaar in deel A van die register.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) The name of a company, individual or firm represented in a special or particular manner;

(*b*) the signature of the applicant for registration or of some predecessor in his business;

(*c*) an invented word or invented words;

(*d*) a word or words not reasonably required for use in the trade and not being in its ordinary signification a surname;

(*e*) any other distinctive mark;

but a surname, name, signature, word or words, other than such as fall within the descriptions in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*) and (*d*), and a container for goods, shall not be registrable under the provisions of this sub-section unless the registrar is satisfied that the mark is distinctive within the meaning of section *twelve*.

(2) No registration of a container in terms of sub-section (1) shall prevent the *bona fide* use by others of any utilitarian or functional feature embodied in such container.

(3) The registration of a container in terms of sub-section (1) may, upon application to the court, or at the option of the applicant and subject to the provisions of section *sixty-nine*, to the registrar by any person interested, be expunged by the court or the registrar, as the case may be, if it is established that the registration is or has become likely to limit the development of any art or industry.

Requisites for registration of a trade mark in part B of the register.

**11.** (1) In order to be registrable in part B of the register, a trade mark shall, in relation to the goods in respect of which it is registered or proposed to be registered, be capable of becoming distinctive within the meaning of section *twelve*.

(2) A trade mark may be registered in part B of the register notwithstanding the registration in part A of the register in the name of the same proprietor of the same trade mark or any part or parts thereof.

Meaning of "distinctive".

**12.** (1) For purposes of sections *ten* and *eleven* "distinctive" means adapted, in relation to the goods in respect of which a trade mark is registered or proposed to be registered, to distinguish goods with which the proprietor of the trade mark is or may be connected in the course of trade from goods in the case of which no such connection subsists, either generally or, where the trade mark is registered or proposed to be registered subject to limitations, in relation to use within those limitations.

(2) In determining whether a trade mark is distinctive as aforesaid, regard may be had to the extent to which—

(*a*) the trade mark is inherently adapted to distinguish; and

(*b*) by reason of the use of the trade mark or of any other circumstance the trade mark is or has become adapted to distinguish.

Registration to be in respect of particular goods or classes of goods.

**13.** (1) A trade mark shall be registered in respect of a particular class or classes of goods or in respect of goods falling in such class or classes in accordance with the prescribed classification.

(2) Where a trade mark has, either before or after the commencement of this Act, been registered in accordance with the requirements of sub-section (1) and, during the subsistence of such registration, the prescribed classification in accordance with which the trade mark was registered as aforesaid is revised or substituted by a new classification, the proprietor of the trade mark shall, upon the renewal of the registration thereof in terms of section *forty-seven*, apply in the prescribed manner for revision of the class or classes in which the trade mark is registered so as to bring it in accord with the revised or substituted classification.

(3) If the revised or substituted classification referred to in sub-section (2) results in two or more identical trade marks owned by the same proprietor which were under the previous registration registered in separate classes, falling within a single class, such marks shall, if they have the same registration date, be consolidated as one registration in the revised or substituted class, or if as a result of the revised or substituted classification a trade mark is required to be recorded in more than one class, such mark shall be deemed to be separately

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*a*) Die naam van 'n maatskappy, indiwidu of firma op 'n besondere of bepaalde wyse voorgestel;
(*b*) die handtekening van die applikant om registrasie of van 'n voorganger in sy besigheid;
(*c*) 'n versonne woord of versonne woorde;
(*d*) 'n woord of woorde wat nie redelikerwys vir gebruik in die handel benodig word en nie in sy gewone betekenis 'n van is nie;
(*e*) enige ander onderskeidende merk;

maar 'n van, naam, handtekening, woord of woorde wat nie onder die beskrywings in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*) en (*d*) val nie, en 'n houer vir goedere, is nie kragtens die bepalings van hierdie sub-artikel registreerbaar nie tensy die registrateur oortuig is dat die merk binne die bedoeling van artikel *twaalf* onderskeidend is.

(2) Geen registrasie van 'n houer ingevolge sub-artikel (1) verhoed die *bona fide*-gebruik deur ander persone van enige utiliteits- of funksionele eienskap wat in die houer beliggaam is nie.

(3) Die registrasie van 'n houer ingevolge sub-artikel (1) kan, op aansoek by die hof of, na keuse van die applikant en onderworpe aan die bepalings van artikel *nege-en-sestig*, by die registrateur deur 'n belanghebbende persoon, deur die hof of die registrateur, na gelang van die geval, geskrap word indien daar bewys word dat die registrasie waarskynlik die ontwikkeling van 'n kuns of nywerheid sal beperk of dat dit waarskynlik geword het dat die registrasie daardie uitwerking sal hê.

Vereistes vir registrasie van 'n handelsmerk in deel B van die register.

**11.** (1) Ten einde in deel B van die register registreerbaar te wees, moet 'n handelsmerk, met betrekking tot die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is of dit voorgestel word om geregistreer te word, binne die bedoeling van artikel *twaalf* onderskeidend kan word.

(2) 'n Handelsmerk kan in deel B van die register geregistreer word ondanks die feit dat dieselfde handelsmerk of enige onderdeel of onderdele daarvan, in deel A van die register op naam van dieselfde eienaar geregistreer is.

Betekenis van „onderskeidend".

**12.** (1) By die toepassing van artikels *tien* en *elf* beteken „onderskeidend" geskik, met betrekking tot die goedere ten opsigte waarvan 'n handelsmerk geregistreer is of voorgestel word om geregistreer te word, om goedere waarmee die eienaar van die handelsmerk verbind is of verbind kan wees in die loop van die handel, te onderskei van goedere in die geval waarvan daar geen sodanige verband bestaan nie, hetsy in die algemeen of, wanneer die handelsmerk geregistreer is of voorgestel word om geregistreer te word onderworpe aan beperkings, met betrekking tot gebruik binne daardie beperkings.

(2) By die bepaling van die vraag of 'n handelsmerk soos voormeld onderskeidend is, kan ag geslaan word op die mate waarin—

(*a*) die handelsmerk inherent geskik is om te onderskei; en
(*b*) weens die gebruik van die handelsmerk of enige ander omstandigheid die handelsmerk geskik is of geskik geword het om te onderskei.

Registrasie geskied ten opsigte van bepaalde goedere of klasse van goedere.

**13.** (1) 'n Handelsmerk word ten opsigte van 'n bepaalde klas of klasse van goedere geregistreer of ten opsigte van goedere wat in daardie klas of klasse val ooreenkomstig die voorgeskrewe klassifikasie.

(2) Wanneer 'n handelsmerk, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, ooreenkomstig die vereistes van sub-artikel (1) geregistreer is en gedurende die bestaan van daardie registrasie die voorgeskrewe klassifikasie waarvolgens die handelsmerk soos voormeld geregistreer is, hersien word of vervang word deur 'n nuwe klassifikasie, moet die eienaar van die handelsmerk, by die hernuwing van die registrasie daarvan ingevolge artikel *sewe-en-veertig*, op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die hersiening van die klas of klasse waarin die handelsmerk geregistreer is om dit in ooreenstemming te bring met die hersiene of vervangde klassifikasie.

(5) The register shall, on payment of the prescribed fees, and subject to the provisions of this Act, be open at all convenient times during office hours to inspection by the public.

(6) A certified copy of an entry in any register kept under this Act, shall, subject to any special provisions to the contrary contained in this Act, be given to any person who applies for such a copy and pays the prescribed fee.

Amendment of register.

**32.** (1) The registrar may correct any error in the register made by an official of his office.

(2) The registrar may, on request made in the prescribed manner by the registered proprietor of a trade mark, and on payment of the fee prescribed, amend or alter the register by—

(*a*) correcting any error in the name or address of the registered proprietor of the trade mark; or
(*b*) altering the name or address or address for service of the registered proprietor who has changed his name or address or address for service; or
(*c*) cancelling the registration of the trade mark; or
(*d*) striking out any goods or classes of goods from those in respect of which the trade mark is registered; or
(*e*) entering a disclaimer or memorandum relating to the trade mark which does not in any way extend the rights given by the registration of the trade mark.

(3) The registrar may, on request made in the prescribed manner by a registered user of a trade mark or by a subsidiary company recorded in the register as a user of the trade mark in terms of section *twenty-three*, and on payment of the fees prescribed, correct any error in the register or enter therein any change in the name or address of such registered user or of such subsidiary company, as the case may be.

(4) Any decision of the registrar under this section shall be subject to appeal to the court.

General power to rectify entries in register.

**33.** (1) Any person aggrieved by the non-insertion in or omission from the register of any entry, or by any entry made in the register without sufficient cause or by any entry wrongly remaining on the register, or by any error or defect in any entry in the register, may apply to the court or, at the option of the applicant and subject to the provisions of section *sixty-nine*, on payment of the fees prescribed in the prescribed manner, to the registrar, for the desired relief and thereupon the court or the registrar, as the case may be, may make such order for making, expunging or varying the entry as to it or him may seem fit.

(2) The court or the registrar, as the case may be, may in any proceedings under this section decide any question that it may be necessary or expedient to decide in connection with the rectification of the register.

(3) In the event of the registrar being satisfied that any entry relating to the registration, assignment or transmission of a trade mark has been secured by fraud or misrepresentation or that any such entry was made without sufficient cause or wrongly remains on the register, he shall also have *locus standi* to apply to the court under the provisions of this section.

(4) Any order of the court rectifying the register shall direct that notice of the rectification shall be served on the registrar, and the registrar shall on receipt of the notice together with an application on the form prescribed, rectify the register accordingly.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) enige ander aangeleenthede met betrekking tot geregistreerde handelsmerke wat voorgeskryf word.

(2) Die register bestaan uit twee dele onderskeidelik genoem deel A en deel B.

(3) Die register wat kragtens die herroepe wet gehou is en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, word ingelyf by en maak deel uit van deel A van die register kragtens hierdie Wet gehou.

(4) Die register behels alle handelsmerke wat kragtens hierdie Wet geregistreer is of geag word daarkragtens geregistreer te wees en dui aan of hulle in deel A of deel B van die register geregistreer is.

(5) Die register is na betaling van die voorgeskrewe gelde en behoudens die bepalings van hierdie Wet, te alle gerieflike tye gedurende kantoorure oop vir inspeksie deur die publiek.

(6) 'n Gesertifiseerde afskrif van 'n inskrywing in 'n register wat kragtens hierdie Wet gehou word, word, behoudens enige uitdruklike andersluidende bepalings van hierdie Wet, gegee aan enige persoon wat aansoek doen om so 'n afskrif en die voorgeskrewe geld betaal.

Wysiging van register.

**32.** (1) Die registrateur kan enige fout in die register wat deur 'n beampte in sy kantoor gemaak is, verbeter.

(2) Die registrateur kan, op versoek op die voorgeskrewe wyse gedoen deur die geregistreerde eienaar van 'n handelsmerk en na betaling van die voorgeskrewe geld, die register wysig of verander deur—

(a) enige fout in die naam of adres van die geregistreerde eienaar van die handelsmerk te verbeter; of

(b) die naam of adres of adres vir bestelling te verander van die geregistreerde eienaar wat sy naam of adres of adres vir bestelling verander het; of

(c) die registrasie van 'n handelsmerk in te trek; of

(d) enige goedere of klasse van goedere te skrap van die goedere ten opsigte waarvan die handelsmerk geregistreer is; of

(e) 'n prysgewing of memorandum in te skryf met betrekking tot die handelsmerk wat die regte wat deur die registrasie van die handelsmerk verleen word, op generlei wyse uitbrei nie.

(3) Die registrateur kan, op versoek op die voorgeskrewe wyse gedoen deur 'n geregistreerde gebruiker van 'n handelsmerk of deur 'n filiaalmaatskappy wat in die register as 'n gebruiker van die handelsmerk ingevolge artikel *drie-en-twintig* aangeteken is, en na betaling van die voorgeskrewe geld, enige fout in die register verbeter, of enige verandering in die naam of adres van so 'n geregistreerde gebruiker of so 'n filiaalmaatskappy, na gelang van die geval, in die register inskryf.

(4) Teen enige beslissing van die registrateur ingevolge hierdie artikel kan na die hof geappelleer word.

Algemene bevoegdheid om inskrywings in register te verbeter.

**33.** (1) Iemand wat gegrief voel deur die nie-inskrywing in of weglating uit die register van 'n inskrywing, of deur 'n inskrywing in die register sonder voldoende rede gedoen of deur 'n inskrywing wat verkeerdelik in die register bly staan, of deur 'n fout of defek in 'n inskrywing in die register, kan aansoek doen by die hof of, na keuse van die applikant en behoudens die bepalings van artikel *nege-en-sestig* en na betaling van die voorgeskrewe gelde op die voorgeskrewe wyse, by die registrateur, om die verlangde verligting en daarop kan die hof of die registrateur, na gelang van die geval, so 'n bevel uitreik wat hy goedvind vir die maak, skrapping of wysiging van die inskrywing.

(2) Die hof of die registrateur, na gelang van die geval, kan in verrigtinge ingevolge hierdie artikel enige vraag beslis wat in verband met die verbetering van die register nodig of dienstig is om te beslis.

(3) Ingeval die registrateur oortuig is dat 'n inskrywing met betrekking tot die registrasie, sessie of oordrag van 'n handelsmerk deur bedrog of wanvoorstelling verkry is of dat so 'n inskrywing sonder voldoende rede gemaak is of dat dit verkeerdelik op die register bly staan, het hy ook *locus standi* om ingevolge die bepalings van hierdie artikel by die hof aansoek te doen.

(4) 'n Hofbevel wat die register verbeter, moet gelas dat 'n kennisgewing van die verbetering aan die registrateur bestel moet word, en die registrateur moet, by ontvangs van die kennisgewing tesame met die aansoek op die voorgeskrewe vorm, die register dienooreenkomstig verbeter.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(5) The power to rectify the register conferred by this section shall include power to alter a registration in part A of the register to a registration in part B of the register.

Alteration of registered trade mark.

**34.** (1) The registered proprietor of a trade mark may, on payment of the fee prescribed, apply in the prescribed manner to the registrar for leave to add to or alter the trade mark in any manner not substantially affecting the identity thereof, and the registrar may refuse leave or may grant it on such terms and subject to such limitations as he may think fit.

(2) (*a*) The registrar shall require the applicant to advertise the application in the prescribed manner and if within the prescribed time from the date of the advertisement any person lodges a notice of opposition to the application in the prescribed manner with the registrar, the registrar shall, after hearing the parties, if they wish to be heard, decide the matter.

(*b*) The provisions of sections *twenty-six* to *thirty*, inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to any proceedings under this section.

Power to expunge or vary registration for breach of condition.

**35.** If the registered proprietor or user of a trade mark contravenes or fails to observe any condition entered in the register in relation thereto, the court or the registrar, as the case may be, may, on application to the court, or, at the option of the applicant and subject to the provisions of section *sixty-nine*, to the registrar by any person aggrieved, or on application to the court by the registrar, make such order for expunging or varying the registration of the trade mark as to it or him may seem fit.

Removal from register and imposition of limitation on ground of non-use.

**36.** (1) Subject to the provisions of sub-section (2) of section *sixteen*, section *twenty-three* and section *fifty-three*, a registered trade mark may, on application to the court, or, at the option of the applicant and subject to the provisions of section *sixty-nine*, to the registrar by any person aggrieved, be taken off the register in respect of any of the goods in respect of which it is registered, on the ground either—

(*a*) that the trade mark was registered without any *bona fide* intention on the part of the applicant for registration that it should be used in relation to those goods by him, and that there has in fact been no *bona fide* use of the trade mark in relation to those goods by any proprietor thereof for the time being up to the date one month before the date of the application; or

(*b*) that up to the date one month before the date of the application a continuous period of five years or longer elapsed during which the trade mark was a registered trade mark and during which there was no *bona fide* use thereof in relation to those goods by any proprietor thereof for the time being; or

(*c*) subject to such notice as the court or the registrar, as the case may be, shall direct, and subject to the provisions of the regulations, that, in the case of a trade mark registered in the name of a body corporate, or in the name of a natural person, such body corporate has been dissolved or such natural person has died not less than two years prior to the date of the application and that no application for registration of an assignment of such trade mark has been made in terms of section *fifty-one*:

Provided that (except where the applicant has been permitted under sub-section (2) of section *seventeen* to register an identical or nearly resembling trade mark in respect of the goods in question or where the registrar or the court, as the case may be, is of opinion that he may properly be permitted so to register such a trade mark), the registrar or the court may refuse an application made under paragraph (*a*) or (*b*) of this sub-section in relation to any goods, if it is shown that there has been, before the relevant date or during the relevant period, as the case may be, *bona fide* use of the trade mark by any proprietor thereof

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


(5) Die bevoegdheid wat by hierdie artikel verleen word om die register te verbeter, sluit die bevoegdheid in om 'n registrasie in deel A van die register te verander na 'n registrasie in deel B van die register.

Wysiging van geregistreerde handelsmerk.

**34.** (1) Die geregistreerde eienaar van 'n handelsmerk kan, na betaling van die voorgeskrewe geld, op die voorgeskrewe wyse by die registrateur aansoek doen om verlof om 'n byvoeging tot die handelsmerk te doen of die handelsmerk te verander op enige wyse wat nie wesenlik die identiteit daarvan raak nie, en die registrateur kan verlof weier, of kan dit toestaan op die bedinge en onderworpe aan die beperkings wat hy goedvind.

(2) (*a*) Die registrateur moet die applikant gelas om die aansoek op die voorgeskrewe wyse bekend te maak en indien iemand binne die voorgeskrewe tydperk vanaf die datum van die bekendmaking op die voorgeskrewe wyse kennis van verset teen die aansoek aan die registrateur gee, moet die registrateur, nadat hy die partye aangehoor het, indien hulle verlang om aangehoor te word, die saak beslis.

(*b*) Die bepalings van artikels *ses-en-twintig* tot en met *dertig* is *mutatis mutandis* op verrigtinge ingevolge hierdie artikel van toepassing.

Bevoegdheid om registrasie te skrap of te wysig by verbreking van voorwaarde.

**35.** Indien die geregistreerde eienaar of gebruiker van 'n handelsmerk 'n voorwaarde wat met betrekking daartoe in die register ingeskryf staan, oortree of versuim om daaraan te voldoen, kan die hof of die registrateur, na gelang van die geval, op aansoek by die hof, of, na keuse van die applikant en onderworpe aan die bepalings van artikel *nege-en-sestig*, by die registrateur, deur iemand wat gegrief voel, of op aansoek by die hof deur die registrateur, so 'n bevel vir die skrapping of wysiging van die handelsmerk uitreik as wat hy goedvind.

Skrapping van register en oplegging van beperking op grond van nie-gebruik.

**36.** (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *sestien*, artikel *drie-en-twintig* en artikel *drie-en-vyftig*, kan 'n geregistreerde handelsmerk op aansoek by die hof, of, na keuse van die applikant en onderworpe aan die bepalings van artikel *nege-en-sestig*, by die registrateur, deur enige persoon wat gegrief voel, van die register geskrap word ten opsigte van enige van die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is, op grond daarvan òf—

(*a*) dat die handelsmerk geregistreer is sonder enige *bona fide*-bedoeling aan die kant van die applikant om registrasie dat dit met betrekking tot daardie goedere deur hom gebruik sou word en dat daar inderdaad geen *bona fide*-gebruik van die handelsmerk met betrekking tot daardie goedere deur enige eienaar daarvan op die betrokke tydstip tot op die dag een maand voor die datum van die aansoek was nie; òf

(*b*) dat tot op die dag een maand voor die datum van die aansoek 'n ononderbroke tydperk van vyf jaar of langer verloop het waartydens die handelsmerk 'n geregistreerde handelsmerk was en waartydens daar geen *bona fide*-gebruik daarvan met betrekking tot daardie goedere deur enige eienaar daarvan op die betrokke tydstip was nie; òf

(*c*) onderworpe aan die kennisgewing wat die hof of die registrateur, na gelang van die geval, gelas en behoudens die bepalings van die regulasies, dat in die geval van 'n handelsmerk geregistreer op naam van 'n liggaam met regspersoonlikheid, of op naam van 'n natuurlike persoon, bedoelde liggaam met regspersoonlikheid ontbind is of bedoelde natuurlike persoon gesterf het minstens twee jaar voor die datum van die aansoek en dat geen aansoek om registrasie van 'n sessie van die handelsmerk ingevolge artikel *een-en-vyftig* gedoen is nie:

Met dien verstande dat (behalwe wanneer die applikant kragtens sub-artikel (2) van artikel *sewentien* toegelaat is om 'n identiese handelsmerk of 'n handelsmerk wat naby met 'n ander handelsmerk ooreenkom ten opsigte van die betrokke goedere te registreer of wanneer die registrateur of die hof, na gelang van die geval, van oordeel is dat hy regtens toegelaat kan word om so 'n handelsmerk aldus te registreer) die registrateur of die hof 'n aansoek wat kragtens paragraaf (*a*) of (*b*) van hierdie sub-artikel met betrekking tot goedere gedoen is, kan afwys indien bewys word dat daar voor die tersaaklike dag of gedurende die tersaaklike tydperk, na gelang van die geval, *bona fide*-gebruik van die handelsmerk was deur 'n eienaar

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



for the time being in relation to goods of the same description, being goods in respect of which the trade mark is registered.

(2) An applicant shall not be entitled to rely for the purposes of paragraph (*b*) of sub-section (1) on any non-use of a trade mark that is shown to have been due to special circumstances in the trade and not to any intention not to use or to abandon the trade mark in relation to the goods to which the application relates.

## PART VI.

### REGISTRATION AND ITS EFFECTS.

Registration.

**37.** (1) When an application for registration of a trade mark in part A or in part B of the register has been accepted and advertised in the prescribed manner and either—

(*a*) the application has not been opposed and the time for notice of opposition has expired; or

(*b*) the application has been opposed and has been granted,

the registrar shall, unless the court otherwise directs, on payment of the prescribed fee, register the trade mark in part A or part B, as the case may be, of the register as on the date of the lodging of the application for registration and that date shall, subject to the provisions of section *seventy-three*, for the purposes of this Act be deemed to be the date of the registration: Provided that where the registrar is satisfied that the trade mark has been accepted in error or that, in the special circumstances of the case, the trade mark should not be registered or should be registered subject to conditions or limitations or to additional or different conditions or limitations, he may withdraw the acceptance and proceed as if the application had not been accepted.

(2) On registration of a trade mark, the registrar shall issue to the applicant a certificate in the prescribed form of the registration thereof sealed with the seal of the trade marks office.

**Certain trade marks to be associated so as to be assignable and transmissible as a whole only.**

**38.** (1) Trade marks that are registered as, or that are deemed by virtue of this Act to be, associated trade marks shall only be assignable or transmissible together and not separately, but they shall for all other purposes be deemed to have been registered as separate trade marks.

(2) Where a trade mark that is registered or is the subject of an application for registration in respect of any goods, is identical with another trade mark that is registered or is the subject of an application for registration in the name of the same proprietor in respect of the same goods or description of goods, or so nearly resembles it as to be likely to deceive or cause confusion if used by a person other than the proprietor, the registrar may at any time require that the trade marks shall be entered in the register as associated trade marks.

(3) Any decision of the registrar under sub-section (2) shall be subject to appeal to the court.

(4) Where a trade mark and any part or parts thereof are by virtue of sub-section (1) of section *twenty-two* registered as separate trade marks in the name of the same proprietor, they shall be deemed to be, and shall be registered as, associated trade marks.

(5) Any association of a trade mark with any other trade mark registered in the name of the same proprietor shall be deemed to be an association with all marks associated with that other trade mark, unless the registrar or the court otherwise decides.

(6) On application made in the prescribed manner by the registered proprietor of two or more trade marks registered as associated trade marks, the registrar may, on payment of the fee prescribed, dissolve the association as regards any of them if he is satisfied that there would be no likelihood of deception or confusion being caused if that trade mark were used by another person in relation to any of the goods in respect of which it is registered, and may amend the register accordingly.

(7) Any decision of the registrar under sub-section (6) shall be subject to appeal to the court.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



daarvan op die betrokke tydstip met betrekking tot goedere van dieselfde soort, synde goedere ten opsigte waarvan die handelsmerk geregistreer is.

(2) 'n Applikant is nie geregtig om vir die doeleindes van paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) staat te maak op enige niegebruik van 'n handelsmerk wat, na bewys word, te wyte was aan spesiale omstandighede in die handel en nie aan enige bedoeling om nie die handelsmerk met betrekking tot die goedere waarop die aansoek betrekking het, te gebruik of om met betrekking tot daardie goedere daarvan af te sien nie.

## DEEL VI.

### REGISTRASIE EN DIE GEVOLGE DAARVAN.

**Registrasie.**

**37.** (1) Wanneer 'n aansoek om registrasie van 'n handelsmerk in deel A of in deel B van die register aangeneem en op die voorgeskrewe wyse bekend gemaak is en òf—

(*a*) die aansoek nie teengestaan is nie en die tydperk vir kennisgewing van verset verstryk het; òf

(*b*) die aansoek teengestaan is en toegestaan is,

registreer die registrateur, tensy die hof anders gelas, die handelsmerk, na betaling van die voorgeskrewe geld, in deel A of deel B, na gelang van die geval, van die register soos op die datum waarop die aansoek om registrasie ingedien is, en daardie datum word, behoudens die bepalings van artikel *drie-en-sewentig*, by die toepassing van hierdie Wet geag die datum van die registrasie te wees: Met dien verstande dat wanneer die registrateur oortuig is dat die handelsmerk per abuis aangeneem is of dat, onder die spesiale omstandighede van die geval, die handelsmerk nie geregistreer behoort te word nie of dat dit geregistreer behoort te word onderworpe aan voorwaardes of beperkings of aan bykomende of verskillende voorwaardes of beperkings, hy die aanname kan intrek en kan optree asof die aansoek nie aangeneem was nie.

(2) By registrasie van 'n handelsmerk reik die registrateur aan die applikant 'n sertifikaat van die registrasie daarvan in die voorgeskrewe vorm en geseël met die seël van die kantoor van handelsmerke uit.

**Sekere handelsmerke word met mekaar geassosieer sodat hulle alleen as 'n geheel gesedeer of oorgedra kan word.**

**38.** (1) Handelsmerke wat as geassosieerde handelsmerke geregistreer is of wat uit hoofde van hierdie Wet geag word geassosieerde handelsmerke te wees, kan alleen saam en nie afsonderlik nie gesedeer of oorgedra word, maar hulle word vir alle ander doeleindes geag as afsonderlike handelsmerke geregistreer te wees.

(2) Wanneer 'n handelsmerk wat geregistreer is of die onderwerp is van 'n aansoek om registrasie ten opsigte van goedere, identies is met 'n ander handelsmerk wat geregistreer is, of die onderwerp is van 'n aansoek om registrasie, op naam van dieselfde eienaar ten opsigte van dieselfde goedere of soort goedere of so naby daarmee ooreenkom dat dit waarskynlik sal mislei of verwarring sal veroorsaak indien dit gebruik word deur 'n ander persoon as die eienaar, kan die registrateur te eniger tyd vereis dat die handelsmerke as geassosieerde handelsmerke in die register ingeskryf word.

(3) Teen 'n beslissing van die registrateur ingevolge sub-artikel (2) kan na die hof geappelleer word.

(4) Wanneer 'n handelsmerk en enige onderdeel of onderdele daarvan uit hoofde van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* as afsonderlike handelsmerke op naam van dieselfde eienaar geregistreer word, word hulle geag geassosieerde handelsmerke te wees en word hulle as sodanig geregistreer.

(5) 'n Assosiëring van 'n handelsmerk met enige ander handelsmerk wat op naam van dieselfde eienaar geregistreer is, word geag 'n assosiëring te wees met alle merke wat met daardie ander handelsmerk geassosieer is tensy die registrateur of die hof anders beslis.

(6) Op aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen deur die geregistreerde eienaar van twee of meer handelsmerke geregistreer as geassosieerde handelsmerke, kan die registrateur, na betaling van die voorgeskrewe geld, die assosiëring ontbind wat betref die een of die ander van hulle indien hy oortuig is dat dit onwaarskynlik is dat misleiding of verwarring veroorsaak sal word indien daardie handelsmerk deur 'n ander persoon gebruik sou word met betrekking tot enige van die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is, en kan hy die register dienooreenkomstig wysig.

(7) Teen 'n beslissing van die registrateur ingevolge sub-artikel (6) kan na die hof geappelleer word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Use of one associated or substantially identical trade mark equivalent to use of another.

**39.** (1) Where under the provisions of this Act use of a registered trade mark is required to be proved for any purpose, the registrar or the court, as the case may be, may, if and so far as he or it deems fit, accept proof of the use of an associated registered trade mark or of the trade mark with additions or alterations not substantially affecting its identity, as equivalent to proof of the use required to be proved.

(2) The use of the whole of a registered trade mark shall for the purposes of this Act be deemed to be the use also of any registered trade mark being a part thereof, registered in the name of the same proprietor by virtue of sub-section (1) of section *twenty-two*.

Limitation of trade mark as to particular colours.

**40.** (1) A trade mark may be limited in whole or in part to a particular colour or colours, and in case of any application for the registration of a trade mark the fact that the trade mark is so limited shall be taken into consideration by any tribunal in deciding whether it is distinctive or not.

(2) If and so far as a trade mark is registered without limitation of colour, it shall be deemed to be registered for all colours.

Words used as name or description of an article or substance.

**41.** (1) If a trade mark consists of a word which has become generally recognized by the public as the only practicable name or description for any article or substance for which it is registered and has commonly been so used by persons conducting business in relation to such article or substance (not being use in relation to goods connected in the course of trade with the proprietor or a registered user of the trade mark, or, in the case of a certification mark, goods certified by the proprietor), the registration of such trade mark shall for the purposes of section *thirty-three* be deemed to be an entry wrongly remaining on the register for the article or substance in question or goods of the same description.

(2) If a trade mark contains a word to which the circumstances contemplated by sub-section (1) are applicable, the registrar or the court, in deciding whether such trade mark shall remain on the register for the article or substance in question or goods of the same description, may, as a condition of its remaining on the register, require a disclaimer to be entered of any right to the exclusive use of such word in relation to the said article, substance or goods, which disclaimer shall be deemed to have been made under the provisions of section *eighteen*.

(3) The provisions of sub-sections (1) and (2) shall apply respectively to trade marks consisting of or containing a word which is the only practicable name or description of an article or substance for which such trade mark was registered, if such article or substance was the subject of Letters Patent in the Republic which have expired or lapsed.

Registration n part A of register to be conclusive as to validity after seven years.

**42.** In all legal proceedings relating to a trade mark registered in part A of the register (including applications under section *thirty-three*), the original registration of the trade mark in part A of the register shall, after the expiration of seven years from the date of that registration, be taken to be valid in all respects, unless—

(*a*) that registration was obtained by fraud; or

(*b*) the trade mark offends against the provisions of either section *sixteen* or section *forty-one*.

## PART VII.

### INFRINGEMENT.

Right given by registration.

**43.** No person claiming rights in a trade mark shall be entitled to institute proceedings (hereinafter referred to as proceedings for infringement) to prevent, or recover damages in respect of, the use by any other person of the trade mark or of a mark which so nearly resembles such trade mark as to be likely to deceive or cause confusion, unless the first-named trade mark is registered under this Act: Provided that nothing in this Act shall be deemed to affect the rights of any person, at common law, to bring an action against any other person for passing off goods as those of another person.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**39.** (1) Wanneer kragtens die bepalings van hierdie Wet gebruik van 'n geregistreerde handelsmerk vir die een of ander doel bewys moet word, kan die registrateur of die hof, na gelang van die geval, indien en vir sover hy dit goedvind, bewys aanneem van die gebruik van 'n geassosieerde geregistreerde handelsmerk of van die handelsmerk met byvoegings of veranderings wat nie wesenlik sy identiteit raak nie, as gelykstaande met bewys van die gebruik wat bewys moet word.

Gebruik van een geassosieerde of wesenlik identiese handelsmerk gelyk aan gebruik van 'n ander.

(2) Die gebruik van die geheel van 'n geregistreerde handelsmerk word by die toepassing van hierdie Wet geag die gebruik te wees ook van 'n geregistreerde handelsmerk wat 'n onderdeel daarvan is, en wat geregistreer is op naam van dieselfde eienaar uit hoofde van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig*.

**40.** (1) 'n Handelsmerk kan in sy geheel of ten dele tot 'n bepaalde kleur of kleure beperk word, en in geval van 'n aansoek om die registrasie van 'n handelsmerk, word die feit dat die handelsmerk aldus beperk is, deur 'n hof in ag geneem by die beslissing van die vraag of dit onderskeidend is al dan nie.

Beperking van handelsmerk wat betref bepaalde kleure.

(2) Indien en vir sover 'n handelsmerk sonder beperking van kleur geregistreer is, word dit geag vir alle kleure geregistreer te wees.

**41.** (1) Indien 'n handelsmerk uit 'n woord bestaan wat algemeen deur die publiek erken word as die enigste bruikbare naam of beskrywing van 'n artikel of stof waarvoor dit geregistreer is, en deurgaans aldus gebruik is deur persone wat handel dryf met betrekking tot daardie artikel of stof (nie synde gebruik met betrekking tot goedere in die loop van die handel verbonde met die eienaar of 'n geregistreerde gebruiker van die handelsmerk, of ingeval van 'n waarmerkingsmerk, goedere deur die eienaar gewaarmerk), word die registrasie van so 'n handelsmerk vir die doeleindes van artikel *drie-en-dertig* geag 'n inskrywing te wees wat verkeerdelik op die register bly staan vir die betrokke voorwerp of stof of goedere van dieselfde soort.

Woorde gebruik as naam of beskrywing van 'n voorwerp of stof.

(2) Indien 'n handelsmerk 'n woord bevat waarop die in sub-artikel (1) bedoelde omstandighede van toepassing is, kan die registrateur of die hof, by die beslissing van die vraag of die handelsmerk in die register moet bly vir die betrokke voorwerp of stof of goedere van dieselfde soort, as 'n voorwaarde om dit in die register te laat bly, vereis dat 'n prysgewing ingeskryf word van enige reg op die alleengebruik van daardie woord met betrekking tot bedoelde voorwerp, stof of goedere, welke prysgewing geag word ingevolge die bepalings van artikel *agtien* gedoen te gewees het.

(3) Die bepalings van sub-artikels (1) en (2) is onderskeidelik van toepassing op handelsmerke wat uit 'n woord bestaan of 'n woord bevat wat die enigste bruikbare naam of beskrywing van 'n voorwerp of stof is waarvoor daardie handelsmerk geregistreer is, indien daardie voorwerp of stof die onderwerp van 'n patentbrief in die Republiek was wat verstryk of verval het.

**42.** In alle regsgedinge met betrekking tot 'n handelsmerk geregistreer in deel A van die register (met inbegrip van aansoeke ingevolge artikel *drie-en-dertig*), word die oorspronklike registrasie van 'n handelsmerk in deel A van die register, na verstryking van sewe jaar vanaf die datum van daardie registrasie, beskou in alle opsigte geldig te wees, tensy—

Registrasie in deel A van register is na sewe jaar afdoende wat betref geldigheid.

(*a*) die registrasie verkry is deur bedrog; of

(*b*) die handelsmerk in stryd is met die bepalings van òf artikel *sestien* òf artikel *een-en-veertig*.

## DEEL VII.

### INBREUK.

**43.** Niemand wat op regte in 'n handelsmerk aanspraak maak, is geregtig om 'n geding (hieronder 'n geding weens inbreuk genoem) in te stel om die gebruik deur enige ander persoon van die handelsmerk of 'n merk wat so naby met daardie handelsmerk ooreenkom dat dit waarskynlik sal mislei of verwarring sal veroorsaak, te belet of skadevergoeding ten opsigte daarvan te vorder nie, tensy die eersgenoemde handelsmerk ingevolge hierdie Wet geregistreer is: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie Wet nie geag word inbreuk te maak op die regte van enige persoon om op grond van die gemene reg 'n geding teen enige ander persoon weens die uitgee van goedere vir dié van 'n ander persoon, in te stel nie.

Reg deur registrasie verleen.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Infringement.**

**44.** (1) Subject to the provisions of sub-sections (2) and (3) of this section and of sections *forty-five* and *forty-six*, the rights acquired by registration of a trade mark shall be deemed to be infringed by—

(*a*) unauthorized use as a trade mark upon or in relation to goods, in respect of which the trade mark is registered, of the identical trade mark or of a trade mark so nearly resembling it as to be likely to deceive or cause confusion; or

(*b*) unauthorized use in the course of trade, whether as a trade mark or not, of the identical trade mark or of a trade mark so nearly resembling it as to be likely to deceive or cause confusion, if such use is in relation to or in connection with goods for which the trade mark is registered and is likely to cause injury or prejudice to the proprietor of the trade mark; or

(*c*) in the case of a trade mark upon goods, the alteration, partial removal or partial obliteration of the trade mark; or

(*d*) in the case of a trade mark upon goods, the unauthorized application of any other trade mark to the goods; or

(*e*) in the case of a trade mark upon goods, the addition of any other matter in writing or otherwise that is likely to cause injury or prejudice to the proprietor of the trade mark:

Provided that in the case of a trade mark registered in part B of the register, no interdict or other relief shall, for purposes of paragraph (*a*) of this sub-section, be granted if the defendant establishes to the satisfaction of the court that the use of which the proprietor of the registered trade mark complains is not likely to be taken as indicating a connection in the course of trade between the goods and some person having the right either as proprietor or as registered user to use the trade mark.

(2) The right to the use of a trade mark given by registration shall be subject to any conditions or limitations entered in the register, and shall not be deemed to be infringed by the use of any such mark as aforesaid in any mode in respect of or in relation to goods to be sold or otherwise traded in in any place, or in relation to goods to be exported to any market, or in any other circumstances, to which, having regard to any such limitations, the registration does not extend.

(3) The use of a registered trade mark, being one of two or more registered trade marks that are identical or nearly resemble each other, shall in the exercise of the right to the use of that trade mark given by registration, not be deemed to be an infringment of the right so given to the use of any other of those trade marks.

**Saving of vested rights.**

**45.** Nothing in this Act shall entitle the proprietor or a registered user of a registered trade mark to interfere with or restrain the use by any person of a trade mark identical with or nearly resembling it in relation to goods in relation to which that person or a predecessor in title of his has continuously used that trade mark from a date anterior—

(*a*) to the use of the first-mentioned trade mark in relation to those goods by the proprietor or a predecessor in title of his; or

(*b*) to the registration of the first-mentioned trade mark in respect of those goods in the name of the proprietor or a predecessor in title of his,

whichever is the earlier, or to object (on such use being proved) to that person being put on the register for that identical or nearly resembling trade mark in respect of those goods under sub-section (2) of section *seventeen*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Inbreuk.**

**44.** (1) Behoudens die bepalings van sub-artikels (2) en (3) van hierdie artikel en van artikels *vyf-en-veertig* en *ses-en-veertig*, word die regte deur registrasie van 'n handelsmerk verkry, geag geskend te wees deur—

(*a*) ongemagtigde gebruik as 'n handelsmerk op of met betrekking tot goedere, ten opsigte waarvan die handelsmerk geregistreer is, van die identiese handelsmerk of van 'n handelsmerk wat so naby met so 'n handelsmerk ooreenkom dat dit waarskynlik sal mislei of verwarring sal veroorsaak; of

(*b*) ongemagtigde gebruik in die loop van die handel, hetsy as 'n handelsmerk of nie, van die identiese handelsmerk of van 'n handelsmerk wat so naby daarmee ooreenkom dat dit waarskynlik sal mislei of verwarring sal veroorsaak, indien daardie gebruik betrekking het op of in verband staan met goedere waarvoor die handelsmerk geregistreer is en waarskynlik skade of nadeel aan die eienaar van die handelsmerk sal veroorsaak; of

(*c*) in die geval van 'n handelsmerk op goedere, die verandering, gedeeltelike verwydering of gedeeltelike uitwissing van die handelsmerk; of

(*d*) in die geval van 'n handelsmerk op goedere, die ongemagtigde toepassing van enige ander handelsmerk op die goedere; of

(*e*) in die geval van 'n handelsmerk op goedere, die byvoeging van enigiets anders in skrif of andersins wat waarskynlik skade of nadeel aan die eienaar van die handelsmerk sal veroorsaak:

Met dien verstande dat in die geval van 'n handelsmerk geregistreer in deel **B** van die register, geen interdik of ander verligting by die toepassing van paragraaf (*a*) van hierdie subartikel verleen word nie indien die verweerder tot bevrediging van die hof bewys lewer dat die gebruik waaroor die eienaar van die geregistreerde handelsmerk kla, waarskynlik nie beskou sal word as 'n aanduiding van 'n verband in die loop van die handel tussen die goedere en die een of ander persoon wat die reg òf as eienaar òf as geregistreerde gebruiker het om die handelsmerk te gebruik nie.

(2) Die reg op die gebruik van 'n handelsmerk deur registrasie verleen, is onderworpe aan enige voorwaardes of beperkings wat in die register ingeskryf staan, en word nie geag geskend te wees deur die gebruik op enige wyse van so 'n merk soos voormeld ten opsigte van of met betrekking tot goedere wat verkoop gaan word of waarin andersins handel gedryf gaan word in enige plek, of met betrekking tot goedere wat na enige mark uitgevoer gaan word, of onder enige ander omstandighede waartoe, met die oog op enige sodanige beperkings, die registrasie hom nie uitbrei nie.

(3) Die gebruik van 'n geregistreerde handelsmerk, synde een van twee of meer geregistreerde handelsmerke wat identies is of naby met mekaar ooreenkom, word, by die uitoefening van die reg op die gebruik van daardie handelsmerk wat deur registrasie verleen word, nie geag 'n inbreuk te wees op die aldus verleende reg op die gebruik van 'n ander van daardie handelsmerke nie.

**Voorbehoud van gevestigde regte.**

**45.** Die bepalings van hierdie Wet verleen nie aan die eienaar of 'n geregistreerde gebruiker van 'n geregistreerde handelsmerk die reg nie om hom met die gebruik deur enige persoon van 'n handelsmerk wat identies met daardie handelsmerk is of naby daarmee ooreenkom, in te meng of dit te belet met betrekking tot goedere in verband waarmee daardie persoon of 'n regsvoorganger van hom daardie handelsmerk ononderbroke gebruik het vanaf 'n datum voor—

(*a*) die gebruik van die eersgenoemde handelsmerk met betrekking tot daardie goedere deur die eienaar of 'n regsvoorganger van hom; of

(*b*) die registrasie van die eersgenoemde handelsmerk ten opsigte van daardie goedere op naam van die eienaar of 'n regsvoorganger van hom,

na gelang van watter die vroegste is, of om daarteen beswaar te maak (nadat sodanige gebruik bewys is) dat daardie persoon ingevolge sub-artikel (2) van artikel *sewentien* geregistreer word vir daardie identiese of naby daarmee ooreenkomende handelsmerk ten opsigte van daardie goedere.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Saving of use of name, address or description of goods.

**46.** No registration of a trade mark shall interfere with—

(*a*) any *bona fide* use by a person of his own name or of the name of his place of business, or of the name of any of his predecessors in business, or of the name of any such predecessor's place of business; or

(*b*) the use by any person of any *bona fide* description of the character or quality of his goods.

## PART VIII.

### DURATION AND RENEWAL OF REGISTRATION.

Duration and renewal of registration.

**47.** (1) The registration of a trade mark shall be for a period of ten years, but may be renewed from time to time in accordance with the provisions of this section: Provided that in the case of a trade mark registered before the commencement of this Act, the provisions of this sub-section shall have effect with the substitution of a period of fourteen years for the said period of ten years.

(2) The registrar shall, on application made by the registered proprietor of a registered trade mark in the prescribed manner and within the prescribed period, renew the registration of the trade mark for a period of ten years from the date of expiration of the original registration or of the last renewal of registration, as the case may be, which date is in this section referred to as "the expiration of the last registration": Provided that, in the case of an application made in terms of section *seventy-three*, the date of the original registration shall, for purposes of this sub-section, be deemed to be the date of lodgment of the application at the trade marks office.

(3) At the prescribed time before the expiration of the last registration of a trade mark, the registrar shall send notice in the prescribed manner to the registered proprietor at his address for service of the date of expiration and the conditions as to payment of fees and otherwise upon which a renewal of registration may be obtained, and, if at the expiration of the time prescribed in that behalf those conditions have not been duly complied with, the registrar may remove the trade mark from the register subject to such conditions, if any, as to its restoration to the register as may be prescribed.

(4) Where a trade mark has been removed from the register for non-payment of the fee for renewal, it shall, nevertheless, for the purpose of any application for the registration of a trade mark during one year next following the date of the expiration of the last registration, be deemed to be a trade mark that is already on the register: Provided that the foregoing provisions of this sub-section shall not have effect where the registrar is satisfied either—

(*a*) that there has been no *bona fide* trade use of the trade mark that has been removed during the two years immediately preceding the date of the expiration of the last registration; or

(*b*) that, notwithstanding any such use, no deception or confusion would be likely to arise from the use of the trade mark that is the subject of the application for registration.

## PART IX.

### REGISTERED USERS.

Registered users.

**48.** (1) (*a*) Subject to the provisions of this section, a person other than the proprietor of a trade mark may be registered as a registered user thereof in respect of all or any of the goods in respect of which it is registered (otherwise than as a defensive trade mark) and either with or without conditions or restrictions.

(*b*) The use of a trade mark by a registered user thereof in relation to goods with which he is connected in the course of trade and in respect of which for the time being the trade mark remains registered and he is registered as a registered user, being use such as to comply with any conditions or restrictions to which his registration is subject, is in this Act referred to as the "permitted use" thereof.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Voorbehoud van gebruik van naam, adres of beskrywing van goedere.

**46.** Geen registrasie van 'n handelsmerk maak inbreuk op—

(*a*) enige *bona fide*-gebruik deur iemand van sy eie naam of van die naam van sy besigheidsplek of van die naam van enige van sy besigheidsvoorgangers of van die naam van so 'n voorganger se besigheidsplek nie; of

(*b*) die gebruik deur enige persoon van 'n *bona fide*-beskrywing van die aard of gehalte van sy goedere nie.

## DEEL VIII.

### DUUR EN HERNUWING VAN REGISTRASIE.

Duur en hernuwing van registrasie.

**47.** (1) Die registrasie van 'n handelsmerk geskied vir 'n tydperk van tien jaar, maar kan van tyd tot tyd ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel hernuwe word: Met dien verstande dat in die geval van 'n handelsmerk wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geregistreer is, die bepalings van hierdie sub-artikel geld met vervanging van 'n tydperk van veertien jaar vir genoemde tydperk van tien jaar.

(2) Op aansoek deur die geregistreerde eienaar van 'n geregistreerde handelsmerk op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk gedoen, hernuwe die registrateur die registrasie van die handelsmerk vir 'n tydperk van tien jaar vanaf die datum waarop die oorspronklike registrasie verstryk of vanaf die laaste hernuwing van die registrasie, na gelang van die geval, watter datum in hierdie artikel „die verstryking van die laaste registrasie" genoem word: Met dien verstande dat in die geval van 'n aansoek ingevolge artikel *drie-en-sewentig* gedoen, die datum van die oorspronklike registrasie by die toepassing van hierdie sub-artikel geag word die datum te wees waarop die aansoek by die kantoor van handelsmerke ingedien is.

(3) Op die voorgeskrewe tydstip voor die verstryking van die laaste registrasie van 'n handelsmerk, stuur die registrateur 'n kennisgewing van die verstrykingsdatum en die voorwaardes wat betref betaling van gelde en andersins waarop 'n hernuwing van registrasie verkry kan word, op die voorgeskrewe wyse aan die geregistreerde eienaar by sy adres vir bestelling, en, indien by die verstryking van die tydperk in daardie verband voorgeskryf, daardie voorwaardes nie behoorlik nagekom is nie, kan die registrateur die handelsmerk van sy register verwyder, behoudens die voorwaardes, indien daar is, wat voorgeskryf is betreffende die terugplasing daarvan op die register.

(4) Wanneer 'n handelsmerk van die register verwyder is weens nie-betaling van die hernuwingsgeld, word dit nogtans vir die doeleindes van 'n aansoek om die registrasie van 'n handelsmerk gedurende een jaar wat onmiddellik op die datum van die verstryking van die laaste registrasie volg, geag 'n handelsmerk te wees wat reeds op die register is: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie sub-artikel nie geld nie wanneer die registrateur oortuig is òf—

(*a*) dat daar geen *bona fide*-handelsgebruik van die handelsmerk wat verwyder is, gedurende die twee jaar wat die datum van die verstryking van die laaste registrasie onmiddellik voorafgegaan het, was nie; òf

(*b*) dat nieteenstaande enige sodanige gebruik, dit onwaarskynlik is dat misleiding of verwarring sal ontstaan uit die gebruik van die handelsmerk wat die onderwerp van die aansoek om registrasie is.

## DEEL IX.

### GEREGISTREERDE GEBRUIKERS.

Geregistreerde gebruikers.

**48.** (1) (*a*) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, kan 'n ander persoon as die eienaar van 'n handelsmerk as 'n geregistreerde gebruiker daarvan geregistreer word ten opsigte van al of enige van die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is (anders as 'n defensiewe handelsmerk) met of sonder voorwaardes of beperkings.

(*b*) Die gebruik van 'n handelsmerk deur 'n geregistreerde gebruiker daarvan met betrekking tot goedere waarmee hy in die loop van die handel verbonde is en ten opsigte waarvan die handelsmerk op die betrokke tydstip geregistreer bly en hy as 'n geregistreerde gebruiker geregistreer is, synde gebruik wat voldoen aan enige voorwaardes of beperkings waaraan sy registrasie onderworpe is, word in hierdie Wet die „veroorloofde gebruik" daarvan genoem.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) The permitted use of a trade mark shall be deemed to be use by the proprietor thereof, and shall not be deemed to be use by a person other than the proprietor for the purposes of section *thirty-six* or for any other purpose for which such use is material under this Act or at common law.

(3) Subject to any agreement subsisting between the parties, a registered user of a trade mark shall be entitled to call upon the proprietor thereof to institute proceedings to prevent infringement thereof, and, if the proprietor refuses or neglects to do so within two months after being so called upon, the registered user may institute proceedings for infringement in his own name as if he were the proprietor, making the proprietor a defendant, but a proprietor so added as a defendant shall not be liable for any costs unless he enters an appearance and takes part in the proceedings.

(4) Where it is proposed that a person should be registered as a registered user of a trade mark, the proprietor and the proposed registered user shall apply in writing to the registrar in the prescribed manner and the application shall be accompanied by the prescribed fee and shall furnish him with a sworn declaration made by the proprietor, or by some person authorized to act on his behalf and approved by the registrar—

(*a*) giving particulars of the relationship, existing or proposed, between the proprietor and the proposed registered user, including particulars showing the degree of control by the proprietor over the permitted use which their relationship will confer and whether it is a term of their relationship that the proposed registered user shall be the sole registered user or that there shall be any other restriction as to persons for whose registration as registered users application may be made;

(*b*) stating the goods in respect of which registration is proposed;

(*c*) stating any conditions or restrictions proposed with respect to the characteristics of the goods, to the mode or place of permitted use, or to any other matter; and

(*d*) stating whether the permitted use is to be for a period or without limit of period, and, if for a period, the duration thereof,

and with such further documents, information or evidence as may be required under the regulations or by the registrar.

(5) When the requirements of sub-section (4) have been complied with, and if the registrar after considering the information furnished to him under that sub-section, is satisfied that in the circumstances the use of the trade mark in relation to the proposed goods or any of them by the proposed registered user, subject to any conditions or restrictions which the registrar thinks proper, would not be contrary to the public interest, the registrar may register the proposed registered user as a registered user in respect of the goods as to which he is so satisfied.

(6) The registrar shall refuse an application under the provisions of this section if it appears to him that the grant thereof would tend to facilitate trafficking in a trade mark.

(7) The registrar shall, if so required by an applicant, take steps to ensure that information furnished for the purposes of an application under the provisions of this section (other than matters entered in the register), is not disclosed to rivals in trade.

(8) Without prejudice to the provisions of section *thirty-three*, the registration of a person as a registered user—

(*a*) may be varied by the registrar as regards the goods in respect of which it has effect or any conditions or restrictions relating to it, on application in writing in the prescribed manner and on payment of the fee prescribed by the registered proprietor of the trade mark to which the registration relates;

(*b*) may be cancelled by the registrar on application in writing in the prescribed manner and on payment of the fee prescribed by the registered proprietor or by such registered user or by any other registered user of the trade mark;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Die veroorloofde gebruik van 'n handelsmerk word geag gebruik deur die eienaar daarvan te wees, en word nie geag gebruik te wees deur 'n ander persoon as die eienaar vir die doeleindes van artikel *ses-en-dertig* of vir enige ander doel waarvoor sodanige gebruik ingevolge hierdie Wet of die gemene reg van wesenlike belang is nie.

(3) Behoudens enige ooreenkoms wat tussen die partye bestaan, is 'n geregistreerde gebruiker van 'n handelsmerk geregtig om die eienaar daarvan aan te sê om 'n aksie in te stel om 'n inbreuk daarop te verhoed, en, indien die eienaar weier of nalaat om dit te doen binne twee maande nadat hy aldus aangesê is, kan die geregistreerde gebruiker in sy eie naam 'n aksie weens inbreuk instel asof hy die eienaar was, terwyl hy die eienaar as 'n verweerder siteer, maar 'n eienaar wat aldus as 'n verweerder gesiteer word, is nie vir enige koste aanspreeklik nie tensy hy verskyning aanteken en aan die saak deelneem.

(4) Wanneer voorgestel word dat 'n persoon as 'n geregistreerde gebruiker van 'n handelsmerk geregistreer word, moet die eienaar en die voorgestelde geregistreerde gebruiker skriftelik by die registrateur op die voorgeskrewe wyse aansoek doen en die aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe geld en moet hulle hom voorsien van 'n beëdigde verklaring deur die eienaar of deur iemand anders deur die eienaar gemagtig om namens hom op te tree en deur die registrateur goedgekeur—

(*a*) wat besonderhede gee van die bestaande of voorgestelde verhouding tussen die eienaar en die voorgestelde geregistreerde gebruiker, met inbegrip van besonderhede wat die graad van beheer deur die eienaar oor die veroorloofde gebruik wat hulle verhouding sal verleen, aantoon asook of dit 'n beding van hulle verhouding is dat die voorgestelde geregistreerde gebruiker die enigste geregistreerde gebruiker is of dat daar enige ander beperking is wat betref persone vir wie se registrasie as geregistreerde gebruikers aansoek gedoen kan word;

(*b*) wat die goedere vermeld ten opsigte waarvan registrasie voorgestel word;

(*c*) wat enige voorwaardes of beperkings vermeld wat voorgestel word ten opsigte van die eienskappe van die goedere, die wyse of plek van veroorloofde gebruik of enige ander aangeleentheid; en

(*d*) wat vermeld of die veroorloofde gebruik vir 'n tydperk gaan wees of sonder beperking van tydperk en, indien vir 'n tydperk, die duur daarvan,

en van die verdere dokumente, inligting of getuienis wat ingevolge die regulasies of deur die registrateur vereis word.

(5) Wanneer aan die voorskrifte van sub-artikel (4) voldoen is, en indien die registrateur na oorweging van die inligting ingevolge daardie sub-artikel aan hom verskaf, oortuig is dat die gebruik van die handelsmerk met betrekking tot die voorgestelde goedere of enige van hulle deur die voorgestelde geregistreerde gebruiker, onderworpe aan enige voorwaardes of beperkings wat die registrateur goedvind onder die omstandighede, nie strydig met die openbare belang sal wees nie, kan die registrateur die voorgestelde geregistreerde gebruiker as 'n geregistreerde gebruiker registreer ten opsigte van die goedere met betrekking waartoe hy aldus oortuig is.

(6) Die registrateur moet 'n aansoek ingevolge die bepalings van hierdie artikel afwys indien dit vir hom voorkom dat die toestaan daarvan die neiging sou hê om handeldryf met 'n handelsmerk te vergemaklik.

(7) Die registrateur moet, indien aldus deur 'n applikant versoek, stappe doen om te verseker dat inligting vir die doeleindes van 'n aansoek ingevolge die bepalings van hierdie artikel verskaf (behalwe besonderhede wat in die register ingeskryf staan), nie aan handelsmededingers bekend gemaak word nie.

(8) Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van artikel *drie-en-dertig*, kan die registrasie van iemand as 'n geregistreerde gebruiker—

(*a*) deur die registrateur gewysig word wat betref die goedere ten opsigte waarvan dit geld of enige voorwaardes of beperkings wat daarop betrekking het, op skriftelike aansoek op die voorgeskrewe wyse en na betaling van die voorgeskrewe geld deur die geregistreerde eienaar van die handelsmerk waarop die registrasie betrekking het;

(*b*) deur die registrateur ingetrek word op skriftelike aansoek op die voorgeskrewe wyse en na betaling van die voorgeskrewe geld deur die geregistreerde eienaar of deur bedoelde geregistreerde gebruiker of deur enige ander geregistreerde gebruiker van die handelsmerk;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) may be cancelled by the registrar on application in writing in the prescribed manner and on payment of the prescribed fee by any person on any of the following grounds, that is to say:

(i) That the registered user has used the trade mark otherwise than by way of the permitted use, or in such a way as to cause, or to be likely to cause, deception or confusion;

(ii) that the proprietor or the registered user misrepresented, or failed to disclose, some fact material to the application for registration, or that the circumstances have materially changed since the date of the registration;

(iii) that the registration ought not to have been effected, having regard to rights vested in the applicant by virtue of a contract in the performance of which he is interested.

(d) may be cancelled where the trade mark in respect of which such person has been registered has been assigned and application has in terms of sub-section (1) of section *fifty-one* been made for registration of the assignment.

(9) Provision shall be made by regulation for the notification of the registration of a person as a registered user to any other registered user of the trade mark, and for the notification of an application under sub-section (8) to the registered proprietor and each registered user (not being the applicant) of the trade mark, and for giving to the applicant in such an application, and to all persons to whom such an application is notified and who intervene in the proceedings in accordance with such regulations, an opportunity of being heard.

(10) The registrar may at any time cancel the registration of a person as a registered user of a trade mark, in respect of any goods in respect of which the trade mark is no longer registered.

(11) Any decision of the registrar under the provisions of this section shall be subject to appeal to the court.

(12) Nothing in this section shall confer on a registered user of a trade mark any assignable or transmissible right to the use thereof.

## PART X.

### ASSIGNMENT.

Powers of, and restrictions on, assignment and transmission.

**49.** (1) Notwithstanding any rule of law to the contrary, a registered trade mark shall be, and shall be deemed always to have been, assignable and transmissible either in connection with or without the goodwill of the business concerned in the goods for which it has been registered.

(2) A registered trade mark shall be, and shall be deemed always to have been, assignable and transmissible in respect either of all the goods in respect of which it is registered, or was registered, as the case may be, or of some (but not all) of those goods.

(3) The provisions of sub-sections (1) and (2) shall have effect in the case of an unregistered trade mark used in relation to any goods as they have effect in the case of a registered trade mark registered in respect of any goods, if at the effective date of the assignment or transmission of the unregistered trade mark it is or was used in the same business in which a registered trade mark is or was used and if it is or was assigned or transmitted at the same date and to the same person as that registered trade mark is or was assigned or transmitted and in respect of goods all of which are goods in relation to which the unregistered trade mark is or was used in that business and in respect of which that registered trade mark is or was assigned or transmitted.

(4) Notwithstanding anything in sub-sections (1), (2) and (3) contained, a trade mark shall not be, or be deemed to have been, assignable or transmissible in a case in which as a result of an assignment or transmission there would in the circumstances subsist, or have subsisted, whether under the common law or by registration, exclusive rights in more than one of the persons concerned to the use, in relation to the same goods or description of goods, of trade marks nearly resembling each other or of identical trade marks if, having regard to the similarity of the goods and of the trade marks, the use of the trade marks in the exercise of those rights would be, or have been,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) deur die registrateur ingetrek word op skriftelike aansoek op die voorgeskrewe wyse en na betaling van die voorgeskrewe geld deur enige persoon op die een of ander van die volgende gronde, te wete:

(i) Dat die geregistreerde gebruiker die handelsmerk gebruik het op 'n ander wyse as die veroorloofde gebruik of op so 'n wyse dat dit misleiding of verwarring veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak;

(ii) dat die eienaar of die geregistreerde gebruiker die een of ander feit wat by die aansoek om registrasie van wesenlike belang was, verkeerd voorgestel of nie geopenbaar het nie, of dat die omstandighede wesenlik verander het sedert die datum van die registrasie;

(iii) dat die registrasie, met die oog op regte in die applikant gevestig uit hoofde van 'n kontrak in die uitvoering waarvan hy 'n belang het, nie behoort te geskied het nie;

(*d*) ingetrek word wanneer die handelsmerk ten opsigte waarvan daardie persoon geregistreer is, gesedeer is en aansoek ingevolge sub-artikel (1) van artikel *eenen-vyftig* om registrasie van die sessie gedoen is.

(9) Voorsiening moet by regulasie gemaak word vir die bekendmaking van die registrasie van 'n persoon as 'n geregistreerde gebruiker aan enige ander geregistreerde gebruiker van die handelsmerk, en vir die bekendmaking van 'n aansoek ingevolge sub-artikel (8) aan die geregistreerde eienaar en elke geregistreerde gebruiker (wat nie die applikant is nie) van die handelsmerk, en vir die verlening aan die applikant by so 'n aansoek en aan alle persone aan wie so 'n aansoek bekend gemaak word en wat ooreenkomstig die regulasies tot die verrigtinge toetree, van 'n geleentheid om aangehoor te word.

(10) Die registrateur kan te eniger tyd die registrasie van iemand as 'n geregistreerde gebruiker van 'n handelsmerk intrek ten opsigte van goedere ten opsigte waarvan die handelsmerk nie langer geregistreer is nie.

(11) Teen enige beslissing van die registrateur kragtens die bepalings van hierdie artikel kan na die hof geappelleer word.

(12) Die bepalings van hierdie artikel verleen nie aan 'n geregistreerde gebruiker van 'n handelsmerk enige sedeerbare of oordraagbare reg op die gebruik daarvan nie.

## DEEL X.

### SESSIE.

Bevoegdhede van en beperkings op sessie en oordrag.

**49.** (1) Ondanks enige andersluidende regsreël, kan 'n geregistreerde handelsmerk òf in verband met òf sonder die klandisiewaarde van die betrokke besigheid in die goedere waarvoor dit geregistreer is, gesedeer of oorgedra word, en word dit geag altyd die geval te gewees het.

(2) 'n Geregistreerde handelsmerk kan ten aansien òf van al die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is of geregistreer was, na gelang van die geval, òf van sommige (maar nie almal nie) van daardie goedere, gesedeer of oorgedra word en dit word geag altyd die geval te gewees het.

(3) Die bepalings van sub-artikels (1) en (2) geld in die geval van 'n ongeregistreerde handelsmerk wat met betrekking tot goedere gebruik word, soos hulle geld in die geval van 'n geregistreerde handelsmerk wat ten opsigte van goedere geregistreer is, indien ten tyde van die effektiewe datum van die sessie of oordrag van die ongeregistreerde handelsmerk dit in dieselfde besigheid gebruik word of gebruik is as dié waarin 'n geregistreerde handelsmerk gebruik word of gebruik is, en indien dit op dieselfde datum en aan dieselfde persoon as daardie geregistreerde handelsmerk gesedeer of oorgedra word of gesedeer of oorgedra is, en ten opsigte van goedere wat almal goedere is met betrekking waartoe die ongeregistreerde handelsmerk in daardie besigheid gebruik word of gebruik is, en ten opsigte waarvan daardie geregistreerde handelsmerk gesedeer of oorgedra word of gesedeer of oorgedra is.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in sub-artikels (1), (2) en (3) vervat, kan 'n handelsmerk nie gesedeer of oorgedra word nie, en word dit nie geag sedeerbaar of oordraagbaar te gewees het nie, in 'n geval waar as gevolg van 'n sessie of oordrag meer as een van die betrokke persone, hetsy kragtens die gemene reg of deur registrasie, onder die omstandighede die alleenreg sou hê of sou gehad het, op die gebruik, met betrekking tot dieselfde goedere of soort goedere, van handelsmerke wat naby met mekaar ooreenkom of wat identies is, indien met inagneming van die gelyksoortigheid van die goedere en van die handelsmerke, die gebruik van die handelsmerke by die uitoefening van daardie

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



likely to deceive or cause confusion: Provided that where a trade mark is, or has been, assigned or transmitted in such a case as aforesaid, the assignment or transmission shall not be deemed to be, or to have been, invalid under this sub-section if the exclusive rights subsisting as a result thereof in the persons concerned respectively are, or were, having regard to the limitations imposed thereon, such as not to be exercisable by two or more of those persons in relation to goods to be sold, or otherwise traded in, within the Republic (otherwise than for export therefrom) or in relation to goods to be exported to the same market outside the Republic.

(5) The proprietor of a registered trade mark who intends to assign it in respect of any goods in respect of which it is registered may submit to the registrar in the prescribed manner a statement of case setting out the circumstances, and the registrar may on payment of the fee prescribed issue to him a certificate stating whether, having regard to the similarity of the goods and of the trade marks referred to in the statement of case, the proposed assignment of the first-mentioned trade mark would or would not be invalid under sub-section (4), and a certificate so issued shall, subject to the provisions of this section as to appeal and unless it is shown that the certificate was obtained by fraud or misrepresentation, be conclusive as to the validity or invalidity under the said sub-section of the assignment in so far as such validity or invalidity depends upon the facts set out in the statement of case, but, as regards a certificate in favour of validity, only if application for registration of the title of the person becoming entitled is made under section *fifty-one* within six months from the date on which the certificate is issued.

(6) Notwithstanding anything in sub-sections (1), (2) and (3) contained, a trade mark shall not be assignable or transmissible in a case in which as a result of an assignment or transmission thereof would in the circumstances subsist, whether under the common law or by registration, an exclusive right in one of the persons concerned to the use of the trade mark limited to use in relation to goods to be sold, or otherwise traded in in a place or places in the Republic, and an exclusive right in another of those persons to the use of a trade mark nearly resembling the first-mentioned trade mark or of an identical trade mark, in relation to the same goods or description of goods limited to use in relation to goods to be sold, or otherwise traded in, in another place or other places in the Republic: Provided that on application in the prescribed manner by the proprietor of a trade mark who intends to assign it, or of a person who claims that a trade mark has been transmitted to him or to a predecessor in title of his after the commencement of this Act, the registrar, if he is satisfied that in all the circumstances the use of the trade marks in exercise of the said rights would not be contrary to the public interest, may, on payment of the fee prescribed, approve the assignment or transmission, and an assignment or transmission so approved shall not be deemed to be, or to have been, invalid under this sub-section or under sub-section (4) of this section, provided that in the case of a registered trade mark application under section *fifty-one* for the registration of the title of the person becoming entitled is made within six months from the date on which the approval is given or, in the case of a transmission, was made before that date.

(7) Notwithstanding anything contained in sub-sections (1) and (2) and subject to the provisions of sub-sections (4) and (6), where a trade mark which is the subject of a pending application for registration, has subsequent to the date of the application been assigned or transmitted, the registrar may, on application in the prescribed manner, and subject to such conditions as he may deem necessary, allow, on payment of the fee prescribed, the person or persons entitled to such trade mark by reason of such assignment or transmission, to be substituted as applicant or applicants for registration of the trade mark.

(8) Any decision of the registrar under this section shall be subject to appeal to the court.

**Power of registered proprietor to assign and give receipts.**

**50.** Subject to the provisions of this Act, the person for the time being entered in the register as proprietor of a trade mark shall, subject to any rights appearing from the register to be

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



regte waarskynlik aanleiding tot misleiding of verwarring sou gee of sou gegee het: Met dien verstande dat wanneer 'n handelsmerk in so 'n geval soos voormeld gesedeer of oorgedra word of gesedeer of oorgedra is, die sessie of oordrag nie ingevolge hierdie sub-artikel geag word ongeldig te wees of te gewees het nie, indien die alleenregte wat die betrokke persone as gevolg daarvan het, onderskeidelik sodanig is, of was, dat hulle met die oog op die beperkings daarop gelê, nie uitoefenbaar is nie deur twee of meer van daardie persone met betrekking tot goedere wat verkoop gaan word, of waarmee andersins handel gedryf gaan word, binne die Republiek (behalwe vir uitvoer daaruit), of met betrekking tot goedere wat uitgevoer gaan word na dieselfde mark buite die Republiek.

(5) Die eienaar van 'n geregistreerde handelsmerk wat van voorneme is om dit ten opsigte van goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is, te sedeer, kan aan die registrateur op die voorgeskrewe wyse 'n uiteensetting van saak voorlê waarin die omstandighede uiteengesit word, en die registrateur kan, na betaling van die voorgeskrewe geld, aan hom 'n sertifikaat uitreik waarin verklaar word of, met inagneming van die gelyksoortigheid van die goedere en van die handelsmerke waarna in die uiteensetting van saak verwys word, die voorgenome sessie van die eersgenoemde handelsmerk kragtens sub-artikel (4) ongeldig sou wees al dan nie, en 'n sertifikaat aldus uitgereik is, behoudens die bepalings van hierdie artikel wat betref 'n appèl en tensy bewys word dat die sertifikaat deur bedrog of wanvoorstelling verkry is, afdoende ten aansien van die geldigheid of ongeldigheid, ingevolge genoemde sub-artikel, van die sessie vir sover daardie geldigheid of ongeldigheid afhang van die feite in die uiteensetting van saak uiteengesit, maar, wat 'n sertifikaat ten gunste van geldigheid betref, alleenlik indien aansoek om registrasie van die titel van die persoon wat geregtig word, kragtens artikel *een-en-vyftig* gedoen word binne ses maande vanaf die datum waarop die sertifikaat uitgereik word.

(6) Ondanks andersluidende bepalings in sub-artikels (1), (2) en (3) vervat, kan 'n handelsmerk nie gesedeer of oorgedra word nie in 'n geval waar as gevolg van 'n sessie of oordrag daarvan, hetsy kragtens die gemene reg of deur registrasie, een van die betrokke persone onder die omstandighede 'n alleenreg op die gebruik van die handelsmerk sou hê wat beperk is, met betrekking tot goedere wat verkoop gaan word of waarmee andersins handel gedryf gaan word, tot 'n plek of plekke in die Republiek, en 'n ander van daardie persone 'n alleenreg sou hê op die gebruik van 'n handelsmerk wat naby met die eersgenoemde handelsmerk ooreenkom, of van 'n identiese handelsmerk, met betrekking tot dieselfde goedere of soort goedere wat beperk is tot gebruik, met betrekking tot goedere wat verkoop gaan word of waarmee andersins handel gedryf gaan word, in 'n ander plek of plekke in die Republiek: Met dien verstande dat op aansoek op die voorgeskrewe wyse deur die eienaar van 'n handelsmerk wat van voorneme is om dit te sedeer, of deur 'n persoon wat daarop aanspraak maak dat 'n handelsmerk aan hom of aan 'n regsvoorganger van hom na die inwerkingtreding van hierdie Wet oorgedra is, die registrateur na betaling van die voorgeskrewe geld, die sessie of oordrag kan goedkeur indien hy oortuig is dat onder al die omstandighede die gebruik van die handelsmerke by die uitoefening van bedoelde regte nie met die openbare belang strydig sou wees nie, en 'n aldus goedgekeurde sessie of oordrag word nie ingevolge hierdie sub-artikel of sub-artikel (4) van hierdie artikel geag ongeldig te wees of te gewees het nie mits, in die geval van 'n geregistreerde handelsmerk, aansoek kragtens artikel *een-en-vyftig* om die registrasie van die titel van die persoon wat geregtig word, gedoen word binne ses maande vanaf die datum waarop die goedkeuring verleen is, of, in die geval van 'n oordrag, voor daardie datum gedoen is.

(7) Ondanks die bepalings van sub-artikels (1) en (2) en behoudens die bepalings van sub-artikels (4) en (6), wanneer 'n handelsmerk wat die onderwerp van 'n hangende aansoek om registrasie is, na die datum van die aansoek gesedeer of oorgedra is, kan die registrateur, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, en onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig ag, na betaling van die voorgeskrewe geld, toelaat dat die persoon of persone wat as gevolg van die sessie of oordrag op die handelsmerk geregtig is, as applikant of applikante om registrasie van die handelsmerk vervang word.

(8) Teen enige beslissing van die registrateur kragtens hierdie artikel kan na die hof geappelleer word.

**Bevoegdheid van geregistreerde eienaar om te sedeer en om kwitansies te gee.**

**50.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die persoon wie se naam op die betrokke tydstip in die register ingeskrywe staan as die eienaar van 'n handelsmerk, bevoeg, onderworpe

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



vested in any other person, have power to assign the trade mark and to give effectual receipts for any consideration for an assignment thereof.

Registration of assignments and transmissions.

**51.** (1) Where a person becomes entitled by assignment or transmission to a registered trade mark, he shall make application on the form prescribed to the registrar to register his title, and the registrar shall on receipt of the application together with the fee prescribed and of proof of title to his satisfaction, register him as the proprietor of the trade mark in respect of the goods in respect of which the assignment or transmission has effect and shall cause particulars of the assignment or transmission to be entered in the register.

(2) Every application to register an assignment or transmission in terms of sub-section (1) shall recite the effective date of such assignment or transmission and if application is made more than twelve months after such date, the applicant shall be liable to pay such penalty as may be prescribed.

(3) Any decision of the registrar under this section shall be subject to appeal to the court.

(4) Except for the purposes of an appeal under this section or of an application under section *thirty-three*, a document or instrument in respect of which no entry has been made in the register in accordance with the provisions of sub-section (1) of this section, shall not be admitted in evidence in any court in proof of the title to a trade mark unless the court otherwise directs.

## PART XI.

### CERTIFICATION MARKS.

Certification marks.

**52.** (1) Where any Government or provincial authority, or any association or person undertakes the examination of any goods in respect of origin, material, mode or conditions of manufacture, quality, accuracy, or other characteristic, and certifies the result of such examination by a mark used upon or in connection with such goods, the Minister may, if he judges it to be to the public advantage, permit the authority, association or person to register the mark as a trade mark in respect of such goods, whether the authority, association or person is or is not a trader, or is or is not possessed of goodwill in connection with such examination and certifying.

(2) When registered, the certification mark shall be deemed in all respects to be a registered trade mark and the authority, association or person to be the registered proprietor thereof, save that such a trade mark shall not be transmissible or assignable except with the permission of the Minister.

(3) This section shall as to conditions of manufacture apply to Government and provincial authorities only.

## PART XII.

### DEFENSIVE TRADE MARKS.

Defensive registration of well-known trade marks.

**53.** (1) Where the registrar is of opinion that, by reason of the extent of use or of any other circumstances, a trade mark registered in part A of the register would, if used in relation to goods other than the goods in respect of which it is registered, be likely to be taken as indicating a connection in the course of trade between the first-mentioned goods and the proprietor of the registered trade mark, then, notwithstanding that the proprietor does not use or propose to use the trade mark in relation to the first-mentioned goods and notwithstanding anything in section *thirty-six* contained, the trade mark may, on application by the proprietor in the prescribed manner, and on payment of the fee prescribed, be registered in his name in respect of the first-mentioned goods as a defensive trade mark, and such a trade mark, while so registered, shall not be liable to be taken off the register under section *thirty-six* in respect of those goods.

(2) The registered proprietor of a trade mark may apply in the prescribed manner for the registration thereof in respect of any goods as a defensive trade mark notwithstanding that it is already registered in his name in respect of those goods otherwise than as a defensive trade mark, or may apply for the registration thereof in respect of any goods otherwise than as a

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



aan enige regte wat blykens die register by enige ander persoon berus, om die handelsmerk te sedeer en om geldige kwitansies te gee vir enige teenprestasie vir 'n sessie daarvan.

Registrasie van sessies en oordragte.

**51.** (1) Wanneer iemand deur sessie of oordrag op 'n geregistreerde handelsmerk geregtig word, moet hy op die voorgeskrewe vorm by die registrateur aansoek doen om sy titel te registreer, en na ontvangs van die aansoek tesame met die voorgeskrewe geld en van bewys van titel tot sy bevrediging, registreer die registrateur hom as die eienaar van die handelsmerk ten opsigte van die goedere ten opsigte waarvan die sessie of oordrag geld, en laat hy besonderhede van die sessie of oordrag in die register inskryf.

(2) Elke aansoek ingevolge sub-artikel (1) om 'n sessie of oordrag te registreer moet die effektiewe datum van die sessie of oordrag noem en indien aansoek meer as twaalf maande na daardie datum gedoen word, is die applikant aanspreeklik om die boete wat voorgeskryf word, te betaal.

(3) Teen enige beslissing van die registrateur kragtens hierdie artikel kan na die hof geappelleer word.

(4) Behalwe vir die doeleindes van 'n appèl ingevolge hierdie artikel of van 'n aansoek kragtens artikel *drie-en-dertig*, is 'n dokument of akte ten aansien waarvan geen inskrywing in die register ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van hierdie artikel gemaak is nie, nie in 'n hof as bewys van die titel tot 'n handelsmerk toelaatbaar nie, tensy die hof anders gelas.

## DEEL XI.

### WAARMERKINGSMERKE.

Waarmerkingsmerke.

**52.** (1) Wanneer 'n Regerings- of provinsiale owerheid of 'n vereniging of persoon die ondersoek van goedere ten opsigte van oorsprong, materiaal, wyse of voorwaardes van vervaardiging, gehalte, noukeurigheid, of ander eienskap onderneem en die uitslag van daardie ondersoek waarmerk met 'n merk gebruik op of in verband met daardie goedere, kan die Minister, indien hy dit in die openbare belang wenslik ag, die owerheid, vereniging of persoon toelaat om die merk as 'n handelsmerk ten opsigte van daardie goedere te registreer, hetsy die owerheid, vereniging of persoon 'n handelaar is al dan nie, of klandisiewaarde in verband met bedoelde ondersoek en waarmerking besit al dan nie.

(2) Wanneer dit geregistreer is, word die waarmerkingsmerk in alle opsigte geag 'n geregistreerde handelsmerk te wees en die owerheid, vereniging of persoon die geregistreerde eienaar daarvan te wees, met die voorbehoud dat so 'n handelsmerk nie sedeerbaar of oordraagbaar is nie behalwe met die toestemming van die Minister.

(3) Hierdie artikel is ten aansien van voorwaardes van vervaardiging alleenlik op Regerings- en provinsiale owerhede van toepassing.

## DEEL XII.

### DEFENSIEWE HANDELSMERKE.

Defensiewe registrasie van welbekende handelsmerke.

**53.** (1) Wanneer die registrateur van oordeel is dat, as gevolg van die omvang van gebruik of van enige ander omstandighede, 'n handelsmerk in deel A van die register geregistreer, indien dit gebruik word met betrekking tot ander goedere as die goedere ten opsigte waarvan dit geregistreer is, waarskynlik beskou sal word as 'n aanduiding van 'n verband in die loop van die handel tussen die eersgenoemde goedere en die eienaar van die geregistreerde handelsmerk, kan die handelsmerk, ondanks die feit dat die eienaar nie die handelsmerk gebruik of voorstel om dit te gebruik met betrekking tot die eersgenoemde goedere nie en ondanks die bepalings van artikel *ses-en-dertig*, op aansoek deur die eienaar op die voorgeskrewe wyse, en na betaling van die voorgeskrewe geld, op sy naam ten opsigte van die eersgenoemde goedere as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer word, en so 'n handelsmerk, terwyl dit aldus geregistreer bly, is nie kragtens artikel *ses-en-dertig* aan verwydering van die register ten opsigte van daardie goedere onderhewig nie.

(2) Die geregistreerde eienaar van 'n handelsmerk kan op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om die registrasie daarvan ten opsigte van enige goedere as 'n defensiewe handelsmerk, ondanks die feit dat dit reeds op sy naam ten opsigte van daardie goedere anders dan as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer is, of hy kan aansoek doen om die registrasie daarvan ten

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



defensive trade mark notwithstanding that it is already registered in his name in respect of those goods as a defensive trade mark, in each case in lieu of the existing registration.

(3) A trade mark registered as a defensive trade mark and that trade mark as otherwise registered in the name of the same proprietor shall, notwithstanding that the respective registrations are in respect of different goods, be deemed to be, and shall be registered as, associated trade marks.

(4) On application to the court or, at the option of the applicant and subject to the provisions of section *sixty-nine*, to the registrar by any person aggrieved, the registration of a trade mark as a defensive trade mark may be cancelled on the ground that the requirements of sub-section (1) of this section are no longer satisfied in respect of any goods in respect of which the trade mark is registered in the name of the same proprietor otherwise than as a defensive trade mark, or may be cancelled with regard to any goods in respect of which it is registered as a defensive trade mark on the ground that there is no longer any likelihood that the use of the trade mark in relation to those goods would be taken as indicating a connection such as is mentioned in sub-section (1) of this section.

(5) The registrar may at any time cancel the registration as a defensive trade mark of a trade mark of which there is no longer any registration in the name of the same proprietor otherwise than as a defensive trade mark.

(6) Except as otherwise expressly provided in this section, the provisions of this Act shall apply *mutatis mutandis* in respect of the registration or cancellation of the registration of trade marks as defensive trade marks and of trade marks so registered as they apply in other cases.

## PART XIII.

### POWERS AND DUTIES OF REGISTRAR.

Venue of proceedings.

**54.** Any proceedings before the registrar under this Act shall be heard and determined by him at the trade marks office: Provided that if it be made to appear to him by any party that the proceedings may more conveniently or fitly be heard and determined in another place, he may hear and determine the proceedings in such other place.

General powers of registrar.

**55.** (1) The registrar may, for the purposes of this Act—

(*a*) receive evidence and determine whether and to what extent it shall be given by affidavit or *viva voce* upon oath;
(*b*) summon witnesses and issue commissions *de bene esse*;
(*c*) order discovery or inspection, and require the due production of documents;
(*d*) consider any interlocutory or other matters as may seem expedient;
(*e*) award costs against any party to any proceedings before him,

and generally the registrar shall in connection with any proceedings before him have all such powers and jurisdiction as are possessed by a single judge in a civil action before a provincial division of the Supreme Court having jurisdiction at the place where the proceedings before the registrar are held.

(2) Where express provision is not contained in this Act on any matter of procedure, the registrar shall have recourse to the rules governing procedure in the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court.

(3) Whenever by this Act any time is specified within which any act or thing is to be done, the registrar may, unless otherwise expressly provided, extend the time either before or after its expiration.

Power of registrar to allow amendment of any document.

**56.** (1) The registrar may at any time before registration of a trade mark permit the amendment of any document relating to any application or proceedings before him on such terms as to costs or otherwise as he thinks just.

(2) If rights in a trade mark which is the subject of a pending application, have been acquired by a body corporate subsequent

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



opsigte van goedere anders dan as 'n defensiewe handelsmerk, ondanks die feit dat dit alreeds op sy naam ten opsigte van daardie goedere as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer is, in iedere geval in plaas van die bestaande registrasie.

(3) 'n Handelsmerk as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer en daardie handelsmerk soos andersins op naam van dieselfde eienaar geregistreer, word, ondanks die feit dat die onderskeie registrasies ten opsigte van verskillende goedere is, geag geassosieerde handelsmerke te wees en word as sodanig geregistreer.

(4) Op aansoek by die hof, of, na keuse van die applikant en onderworpe aan die bepalings van artikel *nege-en-sestig*, by die registrateur, deur iemand wat gegrief voel, kan die registrasie van 'n handelsmerk as 'n defensiewe handelsmerk ingetrek word op grond daarvan dat daar nie meer aan die voorskrifte van sub-artikel (1) van hierdie artikel voldoen word nie ten opsigte van goedere ten opsigte waarvan die handelsmerk op naam van dieselfde eienaar anders dan as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer is, of dit kan ingetrek word met betrekking tot goedere ten opsigte waarvan dit as 'n defensiewe handelsmerk geregistreer is op grond daarvan dat dit nie langer waarskynlik is dat die gebruik van die handelsmerk met betrekking tot daardie goedere as 'n aanduiding van 'n in sub-artikel (1) van hierdie artikel genoemde verband beskou sal word nie.

(5) Die registrateur kan te eniger tyd die registrasie van 'n handelsmerk as 'n defensiewe handelsmerk intrek indien daar nie meer enige registrasie van daardie handelsmerk anders dan as 'n defensiewe handelsmerk op die naam van dieselfde eienaar is nie.

(6) Behalwe soos anders uitdruklik in hierdie artikel bepaal, is die bepalings van hierdie Wet *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die registrasie of intrekking van die registrasie van handelsmerke as defensiewe handelsmerke en van handelsmerke aldus geregistreer, net soos hulle in ander gevalle van toepassing is.

## DEEL XIII.

### BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN REGISTRATEUR.

Verhoorplek van verrigtinge.

**54.** Verrigtinge voor die registrateur ingevolge hierdie Wet word deur hom by die kantoor van handelsmerke verhoor en afgehandel: Met dien verstande dat indien 'n party dit vir hom laat blyk dat die verrigtinge meer gerieflik of passend in 'n ander plek verhoor en afgehandel kan word, hy die verrigtinge in daardie ander plek kan verhoor en afhandel.

Algemene bevoegdhede van registrateur.

**55.** (1) Die registrateur kan vir die doeleindes van hierdie Wet—

(*a*) getuienis aanhoor en bepaal of en in hoeverre dit by wyse van beëdigde verklaring of *viva voce* onder eed gegee moet word;

(*b*) getuies dagvaar en kommissies *de bene esse* uitreik;

(*c*) oorlegging of inspeksie van dokumente gelas en die behoorlike voorlegging daarvan vereis;

(*d*) enige interlokutore of ander aangeleenthede oorweeg wat dienstig lyk;

(*e*) koste toeken teen enige party by verrigtinge voor hom

en in die algemeen het die registrateur in verband met verrigtinge voor hom al die bevoegdhede en regsbevoegheid wat besit word deur 'n enkele regter in 'n siviele geding voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het by die plek waar die verrigtinge voor die registrateur gehou word.

(2) Wanneer in hierdie Wet geen uitdruklike voorsiening vir 'n aangeleentheid van prosedure gemaak word nie, moet die registrateur gebruik maak van die reëls wat die prosedure in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof reël.

(3) Wanneer by hierdie Wet 'n tydperk bepaal word waarbinne 'n handeling verrig of iets gedoen moet word, kan die registrateur, tensy anders uitdruklik bepaal, die tydperk verleng, hetsy voor- of nadat dit verstryk het.

Bevoegdheid van registrateur om wysiging van 'n dokument toe te laat.

**56.** (1) Die registrateur kan te eniger tyd voor die registrasie van 'n handelsmerk die wysiging toelaat van enige dokument wat betrekking het op enige aansoek of verrigtinge voor hom op die voorwaardes aangaande koste of andersins wat hy regverdig ag.

(2) Indien regte in 'n handelsmerk wat die onderwerp van 'n hangende aansoek is, deur 'n liggaam met regspersoonlikheid

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



to the date of application, the registrar may, on good cause shown, and on payment of the fee prescribed permit amendment of the application by the substitution of the name of the body corporate as applicant for registration notwithstanding that such body corporate was not in existence as at the date of the application.

Duty of registrar in exercising discretionary power to give opportunity to applicant of being heard.

**57.** Whenever any discretionary power is by this Act given to the registrar, he shall not exercise that power adversely to an applicant without giving that applicant an opportunity of being heard personally or by his agent.

Taxation of costs awarded by the registrar.

**58.** Any costs awarded by the registrar shall be taxed by a taxing officer of the provincial or local division of the Supreme Court having jurisdiction in the area wherein the award was made, and payment thereof may be enforced in the same manner as if they were costs allowed by a judge of that division.

## PART XIV

### EVIDENCE.

Register to be *prima facie* evidence.

**59.** Any register kept under this Act shall be *prima facie* evidence of any matters directed or authorized by this Act to be inserted in that register.

Certificates of registrar to be *prima facie* evidence.

**60.** (1) A certificate purporting to be under the hand of the registrar as to any entry, matter or thing which he is authorized by this Act to make or do, shall be *prima facie* evidence of the entry having been made and of the contents thereof and of the matter or thing having been done or left undone.

(2) Printed or written copies or extracts purporting to be copies of or extracts from any register or book or document relating to trade marks and kept in the trade marks office and certified by the registrar and sealed with the seal of that office, shall be admitted in evidence in all courts and proceedings without further proof or production of the originals.

Registration to be *prima facie* evidence of validity.

**61.** In all legal proceedings relating to a registered trade mark (including applications under section *thirty-three* of this Act) the fact that a person is registered as proprietor of the trade mark shall be *prima facie* evidence of the validity of the original registration of the trade mark and of all subsequent assignments and transmissions thereof.

Certification of validity.

**62.** In any legal proceeding in which the validity of the registration of a registered trade mark is in issue and is decided in favour of the proprietor of the trade mark, the court may certify to that effect, and if it so certifies, then in any subsequent legal proceeding in which the validity of the registration of that trade mark is in issue, the proprietor of the trade mark, on obtaining a final order or judgment in his favour, shall have his full costs, charges and expenses as between attorney and client, unless in the subsequent proceeding the court certifies otherwise.

## PART XV.

### APPEALS TO AND POWERS OF THE COURT.

Appeal against decisions of the registrar to the court and powers of the court.

**63.** (1) In addition to any right of appeal specifically conferred in respect of proceedings under this Act, any party to any proceedings before the registrar other than proceedings under section *twenty-eight*, may appeal to the court against any decision or order pursuant to such proceedings.

(2) Subject to the provisions of sub-section (5), an appeal shall lie to the division of the Supreme Court having jurisdiction to hear appeals in the area wherein the decision or order was given and thereafter to the appellate division of the Supreme Court.

(3) In addition to any other powers conferred upon it by this Act, the court may in relation to such appeal—

(*a*) confirm, vary or reverse the order or decision appealed against, as justice may require;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



na die datum van die aansoek verkry is, kan die registrateur, om 'n gegronde rede aangevoer, en na betaling van die voorgeskrewe geld, toelaat dat die aansoek gewysig word deur die naam van die liggaam met regspersoonlikheid as applikant om registrasie te vervang, ondanks die feit dat daardie liggaam met regspersoonlikheid nie op die datum van die aansoek bestaan het nie.

Plig van registrateur by uitoefening van diskresionêre bevoegdheid om geleentheid te gee aan applikant om aangehoor te word.

**57.** Wanneer 'n diskresionêre bevoegdheid by hierdie Wet aan die registrateur verleen word, oefen hy nie daardie bevoegdheid teen 'n applikant uit sonder dat hy aan daardie applikant 'n geleentheid gegee het om persoonlik of deur sy agent aangehoor te word nie.

Taksasie van koste deur die registrateur toegeken.

**58.** Koste deur die registrateur toegeken, word getakseer deur 'n takseermeester van die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het in die gebied waarin die toekenning gemaak is, en betaling daarvan kan op dieselfde wyse afgedwing word asof dit koste was wat deur 'n regter van daardie afdeling toegestaan is.

## DEEL XIV.

### BEWYSLEWERING.

Register is *prima facie*-bewys.

**59.** 'n Register kragtens hierdie Wet gehou, is *prima facie*-bewys van enige aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet in daardie register ingeskryf moet of kan word.

Sertifikate van registrateur is *prima facie*-bewys.

**60.** (1) 'n Sertifikaat wat heet onder die handtekening van die registrateur te wees aangaande 'n inskrywing, aangeleentheid of iets wat hy by hierdie Wet gemagtig is om te maak of te doen, is *prima facie*-bewys dat die inskrywing gemaak is en van die inhoud daarvan en dat die aangeleentheid of iets gedoen of ongedaan gelaat is.

(2) Gedrukte of geskrewe afskrifte of uittreksels wat afskrifte van of uittreksels uit 'n register of boek of dokument heet te wees wat op handelsmerke betrekking het en wat in die kantoor van handelsmerke gehou word, en deur die registrateur gesertifiseer en met die seël van daardie kantoor geseël heet te wees, word in alle howe en verrigtinge as getuienis toegelaat sonder verdere bewys of voorlegging van die oorspronklikes.

Registrasie is *prima facie*-bewys van geldigheid.

**61.** In alle regsgedinge met betrekking tot 'n geregistreerde handelsmerk (met inbegrip van aansoeke kragtens artikel *drie-en-dertig* van hierdie Wet) is die feit dat iemand as eienaar van die handelsmerk geregistreer is, *prima facie*-bewys van die geldigheid van die oorspronklike registrasie van die handelsmerk en van alle daaropvolgende sessies en oordragte daarvan.

Sertifisering van geldigheid.

**62.** In 'n regsgeding waarin die geldigheid van die registrasie van 'n geregistreerde handelsmerk in geskil is en ten gunste van die eienaar van die handelsmerk beslis word, kan die hof te dien effekte sertifiseer, en indien die hof aldus sertifiseer, is die eienaar van die handelsmerk in enige latere regsgeding waarin die geldigheid van die registrasie van daardie handelsmerk in geskil is, en wanneer hy 'n finale bevel of uitspraak in sy guns verkry, geregtig op sy volle koste, onkoste en uitgawes, volgens die skaal tussen prokureur en kliënt, tensy in die latere geding die hof anders sertifiseer.

## DEEL XV.

### APPÈLLE NA EN BEVOEGDHEDE VAN DIE HOF.

Appèl teen beslissings van die registrateur na die hof en bevoegdhede van die hof.

**63.** (1) Benewens enige reg van appèl uitdruklik ten opsigte van verrigtinge ingevolge hierdie Wet verleen, kan enige party by enige verrigtinge voor die registrateur, behalwe verrigtinge ingevolge artikel *agt-en-twintig*, na die hof appelleer teen enige beslissing of bevel ingevolge daardie verrigtinge.

(2) Daar word, behoudens die bepalings van sub-artikel (5), geappelleer na die afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het om appèlle aan te hoor in die gebied waarin die beslissing of bevel gegee is en daarna na die appèlafdeling van die Hooggeregshof.

(3) Benewens enige ander bevoegdhede aan hom by hierdie Wet verleen, kan die hof met betrekking tot so 'n appèl—

(*a*) die bevel of beslissing waarteen geappelleer word, bekragtig, wysig of omverwerp, na vereiste van die geregtigheid;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) if the record does not furnish sufficient evidence or information for the determination of the appeal, remit the matter to the registrar with instructions in regard to the taking of further evidence or the setting out of further information;

(*c*) order the parties or either of them to produce at some convenient time in the court of appeal such further proof as shall to it seem necessary or desirable; or

(*d*) take any other course which may lead to the just, speedy and as far as may be possible inexpensive settlement of the case; and

(*e*) make such order as to costs as justice may require.

(4) (*a*) Every appeal to a provincial or local division of the Supreme Court shall be noted and prosecuted in the manner prescribed by law for appeals to the provincial division against a civil order or decision of a single judge of such division, save that the period within which such appeal shall be noted shall be three months after the date of the order or decision and that the appeal shall be prosecuted within six weeks of the date upon which it was noted: Provided that the provincial or local division concerned may, on application and on good cause shown, allow such extension of time for noting or prosecuting the appeal as may be necessary.

(*b*) Every appeal to the appellate division of the Supreme Court shall be noted and prosecuted in the manner prescribed by law for appeals to such division in civil proceedings save that no special leave to appeal to such division shall be necessary.

(5) The parties to proceedings before the registrar shall be deemed to be parties to a civil proceeding for the purposes of sub-section (3) of section *twenty* of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), and the appellate division of the Supreme Court shall have jurisdiction to hear and determine an appeal against an order or decision of the registrar without any intermediate appeal having been first heard and determined by a provincial division of the said court, if the said parties lodge with the registrar notice in writing of their consent thereto on the form prescribed and pay the prescribed fee.

Power to order production of certificate of registration.

**64.** In addition to any other powers conferred upon it by this Act, the court may in relation to any application or appeal under this Act order any party to deliver to the court or to the registrar the certificate of registration of any trade mark.

Notice to registrar of application to court.

**65.** Before any application is made to the court for an order involving the performance of any act by the registrar or affecting any entry in the register, the applicant shall in the manner prescribed give the registrar at least fourteen days notice before the hearing of such application: Provided that the registrar may, in his discretion, waive such notice or accept such shorter notice as he may in the circumstances deem sufficient.

Registrar's appearance in proceedings involving rectification of the register.

**66.** (1) In any legal proceeding in which the relief sought includes alteration or rectification of the register, the registrar shall have the right to appear and be heard, and shall appear if so directed by the court.

(2) Unless otherwise directed by the court, the registrar, in lieu of appearing and being heard, may submit to the court a statement in writing signed by him, giving particulars of the proceedings before him in relation to the matter in issue or of the grounds of any decision given by him affecting such matter or of the practice of the trade marks office in like cases or of such other matters relevant to the issues and within his knowledge as registrar, as he thinks fit, and the statement shall be deemed to form part of the evidence in the proceedings.

Court's power to review registrar's decision.

**67.** The court, in dealing with any question of the rectification of the register (including all applications under the provisions of section *thirty-three*), shall have power to review any decision of the registrar relating to the entry in question or the correction sought to be made.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*b*) indien die notule nie genoegsame getuienis of inligting vir die beslissing van die appèl verskaf nie, die aangeleentheid na die registrateur terugverwys met opdrag betreffende die afneem van verdere getuienis of die uiteensit van verdere inligting;

(*c*) die partye of die een of die ander van hulle beveel om op 'n geleë tydstip in die hof van appèl die verdere bewyse voor te lê wat vir hom nodig of wenslik voorkom; of

(*d*) enige ander weg inslaan wat lei tot die regverdige, spoedige en sover moontlik goedkoop beslegting van die saak; en

(*e*) die bevel aangaande koste uitreik wat die geregtigheid vereis.

(4) (*a*) Elke appèl na 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof word aangeteken en voortgesit op die wyse by wet voorgeskryf vir appèlle na die provinsiale afdeling van die Hooggeregshof teen 'n siviele bevel of beslissing van 'n enkele regter van daardie afdeling, behalwe dat die tydperk waarin so 'n appèl aangeteken moet word, drie maande na die datum van die bevel of beslissing is en dat die appèl voortgesit moet word binne ses weke na die datum waarop dit aangeteken is: Met dien verstande dat die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling op aansoek en om 'n gegronde rede aangevoer, so 'n verlenging van tyd vir die aanteken of voortsetting van die appèl kan toestaan as wat nodig is.

(*b*) Elke appèl na die appèlafdeling van die Hooggeregshof word aangeteken en voortgesit op die wyse by wet voorgeskryf vir appèlle in siviele gedinge na daardie afdeling, behalwe dat geen spesiale verlof om na daardie afdeling te appelleer, nodig is nie.

(5) Die partye by verrigtinge voor die registrateur word geag partye by 'n siviele geding te wees vir die doeleindes van subartikel (3) van artikel *twintig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), en die appèlafdeling van die Hooggeregshof is regsbevoeg om 'n appèl teen 'n bevel of beslissing van die registrateur te verhoor en te beslis sonder dat 'n tussenkomende appèl eers deur 'n provinsiale afdeling van genoemde hof verhoor en beslis is, indien bedoelde partye 'n skriftelike kennisgewing van hulle toestemming daartoe op die voorgeskrewe vorm by die registrateur indien en die voorgeskrewe geld betaal.

Bevoegdheid om voorlegging van registrasiesertifikaat te beveel.

**64.** Benewens enige ander bevoegdhede wat by hierdie Wet aan hom verleen word, kan die hof met betrekking tot 'n aansoek of appèl ingevolge hierdie Wet 'n party beveel om die registrasiesertifikaat van 'n handelsmerk aan die hof of aan die registrateur te lewer.

Kennisgewing aan registrateur van aansoek by hof.

**65.** Voordat aansoek by die hof gedoen word om 'n bevel wat die verrigting van 'n handeling deur die registrateur meebring of 'n inskrywing in die register raak, moet die applikant op die voorgeskrewe wyse aan die registrateur minstens veertien dae voor die verhoor van die aansoek kennis gee: Met dien verstande dat die registrateur na goeddunke van sodanige kennisgewing kan afsien of sodanige korter kennisgewing kan aanvaar as wat hy onder die omstandighede voldoende ag.

Registrateur se verskyning in verrigtinge wat op verbetering van die register betrekking het.

**66.** (1) In 'n regsgeding waarin die verlangde verligting die verandering of verbetering van die register insluit, het die registrateur die reg om te verskyn en aangehoor te word, en moet hy verskyn indien hy aldus deur die hof gelas word.

(2) Tensy anders deur die hof gelas, kan die registrateur, in plaas daarvan om te verskyn en aangehoor te word, aan die hof 'n skriftelike, deur hom ondertekende verklaring voorlê waarin hy besonderhede verstrek van die verrigtinge voor hom met betrekking tot die geskilpunt of van die gronde van 'n beslissing deur hom gegee wat die geskilpunt raak of van die praktyk in die kantoor van handelsmerke in dergelike gevalle of van sodanige ander aangeleenthede wat met die geskilpunte in verband staan en binne sy kennis as registrateur is, soos hy goedvind, en die verklaring word geag deel uit te maak van die getuienis in die verrigtinge.

Hof se bevoegdheid om registrateur se beslissing te hersien.

**67.** By die behandeling van 'n vraag oor die verbetering van die register (met inbegrip van alle aansoeke ingevolge die bepalings van artikel *drie-en-dertig*), is die hof bevoeg om enige beslissing van die registrateur met betrekking tot die betrokke inskrywing of die verlangde verbetering te hersien.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Discretion of court in appeals.

**68.** In any appeal against a decision of the registrar to the court under this Act, the court shall have power to exercise the same discretionary powers as under this Act are conferred upon the registrar.

Procedure in cases of option to apply to court or registrar.

**69.** Where under any provision of this Act an applicant has an option to make an application either to the court or to the registrar—

(*a*) if proceedings concerning the trade mark in question are pending before the court, the application must be made to the court;

(*b*) if in any other case the application is made to the registrar, he may, at any stage of the proceedings, refer the application to the court, or he may, after hearing the parties, determine the question between them subject to an appeal to the court.

## PART XVI.

### OFFENCES.

Penalties for making false entries in registers, etc., for producing or tendering false entries.

**70.** Any person who—

(*a*) makes or causes to be made a false entry in any register kept under this Act; or

(*b*) makes or causes to be made a writing falsely purporting to be a copy of an entry in any such register; or

(*c*) produces or tenders or causes to be produced or tendered as evidence any such entry or copy thereof knowing the same to be false,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and imprisonment.

Penalty for making false statements for the purpose of deceiving or influencing registrar or other officer.

**71.** Any person who—

(*a*) for the purpose of deceiving the registrar or any officer in the execution of the provisions of this Act; or

(*b*) for the purpose of procuring or influencing the doing or omission of anything in relation to this Act or any matter thereunder,

makes a false statement or representation knowing the same to be false, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and imprisonment.

Penalty for falsely representing a trade mark as registered.

**72.** (1) Any person who makes a representation—

(*a*) with respect to a mark not being a registered trade mark, to the effect that it is a registered trade mark; or

(*b*) with respect to a part of a registered trade mark not being a part separately registered as a trade mark, to the effect that it is so registered; or

(*c*) to the effect that a registered trade mark is registered in respect of any goods in respect of which it is not registered; or

(*d*) to the effect that the registration of a trade mark gives an exclusive right to the use thereof in any circumstances in which, having regard to limitations entered in the register, the registration does not give that right,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand.

(2) For purposes of this section, the use in the Republic in relation to a trade mark of the word "registered" or of any abbreviation thereof or of any other word or letter which might reasonably be construed as referring to registration, shall be deemed to import a reference to registration in the register except—

(*a*) where that word, abbreviation or letter is used in physical association with other words delineated in characters at least as large as those in which that word, abbreviation or letter is delineated and indicating that the reference is to registration as a trade mark under the law of a country outside the Republic being a country under the law of which the registration referred to is in fact in force;

(*b*) where that word (being a word other than the word "registered"), abbreviation or letter is of itself such as to indicate that the reference is to such registration as is referred to in paragraph (*a*); or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**68.** By 'n appèl teen 'n beslissing van die registrateur na die hof ingevolge hierdie Wet, is die hof bevoeg om dieselfde diskresionêre bevoegdhede uit te oefen as wat by hierdie Wet aan die registrateur verleen word. Diskresie van hof in appèlle.

**69.** Wanneer ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet 'n applikant 'n keuse het om òf by die hof òf by die registrateur aansoek te doen— Prosedure in gevalle van keuse om by hof of registrateur aansoek te doen.

(*a*) indien verrigtinge aangaande die betrokke handelsmerk voor die hof hangende is, moet die aansoek by die hof gedoen word;

(*b*) indien in 'n ander geval die aansoek by die registrateur gedoen word, kan hy, op enige stadium van die verrigtinge, die aansoek na die hof verwys, of kan hy, nadat hy die partye aangehoor het, die geskil tussen hulle beslis, onderworpe aan 'n appèl na die hof.

## DEEL XVI.

### MISDRYWE.

**70.** Iemand wat— Strawwe vir die aanbring van valse inskrywings in die registers, ens., vir voorlegging of aanbieding van valse inskrywings.

(*a*) 'n valse inskrywing in 'n register gehou kragtens hierdie Wet maak of laat maak; of

(*b*) 'n geskrif wat valslik heet 'n afskrif van 'n inskrywing in so 'n register te wees, maak of laat maak; of

(*c*) so 'n inskrywing of afskrif daarvan as getuienis voorlê of aanbied of laat voorlê of aanbied terwyl hy weet dat dit vals is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

**71.** Iemand wat— Straf vir maak van valse verklarings met die doel om registrateur of ander beampte te mislei of te beïnvloed.

(*a*) met die doel om die registrateur of 'n beampte in die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet te mislei; of

(*b*) met die doel om die doen of die nalaat van enigiets met betrekking tot hierdie Wet of enige aangeleentheid daarkragtens, te verkry of te beïnvloed,

'n valse verklaring of voorstelling maak terwyl hy weet dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

**72.** (1) Iemand wat 'n voorstelling doen— Straf vir valslik voorgee dat handelsmerk geregistreer is.

(*a*) met betrekking tot 'n merk wat nie 'n geregistreerde handelsmerk is nie, ten effekte dat dit 'n geregistreerde handelsmerk is; of

(*b*) met betrekking tot 'n onderdeel van 'n geregistreerde handelsmerk wat nie 'n onderdeel is wat afsonderlik as 'n handelsmerk geregistreer is nie, ten effekte dat dit aldus geregistreer is; of

(*c*) ten effekte dat 'n geregistreerde handelsmerk geregistreer is ten opsigte van goedere ten opsigte waarvan dit nie geregistreer is nie; of

(*d*) ten effekte dat die registrasie van 'n handelsmerk 'n alleenreg op die gebruik daarvan verleen onder omstandighede waaronder, met die oog op die beperkings in die register ingeskryf, die registrasie nie daardie reg verleen nie,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand.

(2) By die toepassing van hierdie artikel word die gebruik in die Republiek met betrekking tot 'n handelsmerk van die woord „geregistreerde" of van 'n afkorting daarvan of van enige ander woord of letter wat redelikerwys uitgelê kan word as 'n verwysing na registrasie, geag 'n verwysing na registrasie in die register in te hou behalwe—

(*a*) wanneer daardie woord, afkorting of letter gebruik word in fisiese assosiasie met ander woorde afgebeeld in letters ten minste so groot as dié waarin daardie woord, afkorting of letter afgebeeld is en wat aandui dat die verwysing is na registrasie as 'n handelsmerk kragtens die wette van 'n land buite die Republiek, synde 'n land kragtens die wette waarvan die bedoelde registrasie inderdaad van krag is;

(*b*) wanneer daardie woord (synde 'n ander woord as die woord „geregistreer"), afkorting of letter op sigself sodanig is dat dit aandui dat daar na 'n in paragraaf (*a*) bedoelde registrasie verwys word; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) where that word, abbreviation or letter is used in relation to a mark registered as a trade mark under the law of a country outside the Republic and in relation to goods to be exported to that country.

## PART XVII.

### INTERNATIONAL ARRANGEMENTS.

International arrangements.

**73.** (1) Any person who has made application for registration of a trade mark in a convention country or his legal representative or assignee, shall, in priority to other applicants, be entitled to registration of the trade mark under this Act and the registration shall have the same date as the date of the first application in the convention country: Provided that—

(*a*) application is made within six months after the date on which the application was made in the convention country; and

(*b*) nothing in this section contained shall entitle the proprietor of the trade mark to recover damages for infringements happening prior to the actual date on which the application was first advertised in the prescribed manner.

(2) Where applications have been made for the registration of a trade mark in two or more convention countries, the period of six months referred to in sub-section (1) shall be reckoned from the date on which the earlier or earliest of those applications was made.

(3) Where a person has applied for protection for a trade mark by an application which—

(*a*) in accordance with the terms of a treaty subsisting between any two or more convention countries, is equivalent to an application duly made in any one of those convention countries; or

(*b*) in accordance with the law of any convention country, is equivalent to an application duly made in that convention country,

he shall be deemed for the purposes of this section to have applied in that convention country.

(4) The registration of a trade mark shall not be invalidated by reason only of the use of the trade mark in the Republic during the period specified in this section as that within which application may be made.

(5) The application for the registration of a trade mark under this section must be made in the same manner as an ordinary application under this Act, except that proof of application in a convention country shall be established in the manner prescribed.

## PART XVIII.

### MISCELLANEOUS.

Trade mark not to be deemed to be deceptive or confusing in certain cases.

**74.** The use of a registered trade mark in relation to goods between which and the person using the trade mark a form of connection in the course of trade subsists, shall not be deemed to be likely to cause deception or confusion on the ground only that the trade mark has been, or is, used in relation to goods between which and that person or a predecessor in title of that person a different form of connection in the course of trade subsisted or subsists.

Use of trade mark for export trade.

**75.** (1) The application of a trade mark in the Republic to goods to be exported from the Republic and any other act done in the Republic in relation to goods to be so exported which, if done in relation to goods to be sold or otherwise traded in within the Republic, would constitute use of a trade mark therein, shall be deemed to constitute use of the trade mark in relation to those goods for any purpose for which such use is material under this Act or at common law.

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have had effect in relation to an act done before the date of the commencement of this Act as it has effect in relation to an act done after that date, but does not affect a determination of a court which has been made before that date or the determination of an appeal against a determination so made.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*c*) wanneer daardie woord, afkorting of letter gebruik word met betrekking tot 'n merk geregistreer as 'n handelsmerk kragtens die wette van 'n land buite die Republiek en met betrekking tot goedere wat na daardie land uitgevoer gaan word.

## DEEL XVII.

### INTERNASIONALE REËLINGS.

Internasionale reëlings.

**73.** (1) Iemand wat in 'n konvensieland aansoek gedoen het om registrasie van 'n handelsmerk, of sy regsverteenwoordiger of sessionaris, is, met voorkeur bo ander applikante, geregtig op die registrasie van die handelsmerk ingevolge hierdie Wet en die registrasie dra dieselfde datum as die datum van die eerste aansoek in die konvensieland: Met dien verstande dat—

(*a*) aansoek gedoen word binne ses maande na die datum waarop die aansoek in die konvensieland gedoen is; en

(*b*) niks in hierdie artikel vervat die eienaar van die handelsmerk geregtig maak om skadevergoeding te verhaal vir skendings wat geskied voor die werklike datum waarop die aansoek die eerste maal op die voorgeskrewe wyse geadverteer is nie.

(2) Wanneer aansoeke gedoen is om registrasie van 'n handelsmerk in twee of meer konvensielande, word die in subartikel (1) bedoelde tydperk van ses maande bereken vanaf die datum waarop die vroegste van daardie aansoeke gedoen is.

(3) Wanneer iemand aansoek gedoen het om beskerming van 'n handelsmerk deur 'n aansoek wat—

(*a*) ooreenkomstig die bepalings van 'n verdrag wat tussen enige twee of meer konvensielande bestaan, gelykstaande is met 'n aansoek wat behoorlik in enigeen van daardie konvensielande gedoen is; of

(*b*) ooreenkomstig die wet van 'n konvensieland, gelykstaande is met 'n aansoek behoorlik in daardie konvensieland gedoen,

word by die toepassing van hierdie artikel geag dat hy in daardie konvensieland aansoek gedoen het.

(4) Die registrasie van 'n handelsmerk is nie ongeldig bloot omrede van die gebruik van die handelsmerk in die Republiek gedurende die tydperk in hierdie artikel genoem as dié waarin aansoek gedoen kan word nie.

(5) Die aansoek om registrasie van 'n handelsmerk ingevolge hierdie artikel moet gedoen word op dieselfde wyse as 'n gewone aansoek ingevolge hierdie Wet, met die voorbehoud dat bewys van aansoek in 'n konvensieland op die voorgeskrewe wyse moet geskied.

## DEEL XVIII.

### GEMENGDE BEPALINGS.

Handelsmerk word nie in sekere gevalle geag misleidend of verwarrend te wees nie.

**74.** Die gebruik van 'n geregistreerde handelsmerk met betrekking tot goedere tussen welke goedere en die persoon wat die handelsmerk gebruik 'n vorm van verband in die loop van die handel bestaan, word nie geag waarskynlik misleiding of verwarring te veroorsaak nie op grond daarvan alleen dat die handelsmerk gebruik is, of word, met betrekking tot goedere tussen welke goedere en daardie persoon of 'n regsvoorganger van daardie persoon 'n ander vorm van verband in die loop van handel bestaan het of bestaan.

Gebruik van handelsmerk vir uitvoerhandel.

**75.** (1) Die toepassing in die Republiek van 'n handelsmerk op goedere wat uit die Republiek uitgevoer gaan word en enige ander handeling in die Republiek verrig met betrekking tot goedere wat aldus uitgevoer gaan word, wat, indien met betrekking tot goedere verrig wat binne die Republiek verkoop gaan word of waarmee andersins handel gedryf gaan word, gebruik van 'n handelsmerk daarin sou uitmaak, word geag gebruik van die handelsmerk uit te maak met betrekking tot daardie goedere vir 'n doel waarvoor sodanige gebruik ingevolge hierdie Wet of die gemene reg van wesenlike belang is.

(2) Sub-artikel (1) word geag van krag te wees met betrekking tot 'n handeling verrig voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet soos dit van krag is met betrekking tot 'n handeling na daardie datum verrig, maar dit raak nie 'n beslissing van 'n hof wat voor daardie datum gegee is of die beslissing van 'n appèl teen 'n beslissing aldus gegee nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Payment of prescribed fees to be made before acts done or documents issued.

**76.** Whenever under this Act any prescribed fee is payable in respect of any application, registration, matter or document, the registrar may refuse to perform the act or to receive or to issue the document (as the case may be) until the fee payable in respect thereof is paid.

Address for service.

**77.** (1) Any address for service stated in any application or notice of opposition under this Act shall, for all purposes of the application or the notice of opposition, be deemed to be the address of the applicant or of the objector (as the case may be) and all documents in relation to the application or notice of opposition may be served by leaving them at or sending them to the address for service of the applicant or of the objector, as the case may be.

(2) Any address for service may be changed by notice to the registrar on the form prescribed.

(3) A post office box number shall not be deemed to be an address for service.

Calculation of periods of time.

**78.** Any period of time specified by this Act as running from the doing of any act shall be reckoned as commencing on the day next following the doing of that act.

Persons under disability.

**79.** If any person is, by reason of minority, lunacy, or other disability, incapable of making any declaration or doing any act required or permitted by this Act, then the guardian, curator or other legal representative (if any) of such person or if there be none, any person appointed by the court upon petition on behalf of the person under disability or on behalf of any other person interested in the making of such declaration or doing such act may make the declaration or a declaration as nearly corresponding thereto as circumstances permit, and do the act in the name and on behalf of the person under disability, and all acts done by such substitute shall, for the purposes of this Act, be as effectual as if done by the person for whom he is substituted.

Fees, regulations, forms and classification of goods.

**80.** (1) The State President may prescribe a tariff, not inconsistent with this Act, of the fees which shall be payable, to the registrar in respect of any application, registration, matter or document and the fees shall be payable as so prescribed.

(2) The State President may also make regulations, not inconsistent with this Act, as to all matters including forms and a schedule of classification of goods, which by this Act are required or permitted to be prescribed by regulation or which are necessary or convenient for giving effect to the provisions of this Act or for the conduct of any business relating to the trade marks office established by this Act.

(3) If either the Senate or the House of Assembly resolve within thirty days after any such tariff or regulation has been laid on the Table thereof in accordance with law that any item of the tariff or that the regulation be disallowed, such item or regulation shall thereupon become of no effect, without prejudice to the validity of anything done in the meanwhile thereunder or to the power to make a new tariff or regulation.

Transitional provisions.

**81.** Subject to the provisions of section *three*, the validity of any entry relating to a trade mark on the register of trade marks existing at the commencement of this Act or on any of the registers of trade marks kept under any provincial Trade Marks Act that were deemed to be part of the same record as the last-mentioned register, shall be determined in accordance with the laws in force at the date of such entry: Provided that any such trade mark registered prior to the first day of January, 1917, shall be deemed to have been validly registered.

Repeal and amendment of laws.

**82.** (1) Sections *ninety-six* to *one hundred-and-forty bis*, inclusive, of the Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916 (Act No. 9 of 1916), and so much of the rest of that Act and of the Patents, Designs and Trade Marks Amendment Act, 1947 (Act No. 19 of 1947), as relates to trade marks are hereby repealed: Provided that any proclamation issued under any law hereby repealed and in force at the commencement of this

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


**76.** Wanneer daar ingevolge hierdie Wet enige voorgeskrewe geld ten opsigte van 'n aansoek, registrasie, aangeleentheid of dokument betaalbaar is, kan die registrateur weier om die handeling te verrig of om die dokument te ontvang of uit te reik (na gelang van die geval) totdat die geld wat ten opsigte daarvan betaalbaar is, betaal word. Voorgeskrewe gelde moet betaal word voor verrigting van handelinge of uitreiking van dokumente.

**77.** (1) 'n Adres vir bestelling in 'n aansoek of kennisgewing van verset ingevolge hierdie Wet vermeld, word vir alle doeleindes van die aansoek of die kennisgewing van verset, geag die adres van die applikant of van die beswaarmaker (na gelang van die geval) te wees, en alle dokumente met betrekking tot die aansoek of kennisgewing van verset kan bestel word deur hulle te laat by of te stuur na die adres vir bestelling van die applikant of van die beswaarmaker, na gelang van die geval. Adres vir bestelling.

(2) 'n Adres vir bestelling kan verander word by kennisgewing op die voorgeskrewe vorm aan die registrateur.

(3) 'n Posbus word nie geag 'n adres vir bestelling te wees nie.

**78.** Wanneer by hierdie Wet bepaal word dat 'n tydperk vanaf die verrigting van die een of ander handeling loop, word daardie tydperk so bereken dat dit op die eersvolgende dag na die verrigting van daardie handeling begin. Berekening van tydperke.

**79.** Wanneer iemand weens minderjarigheid, kranksinnigheid of ander handelingsonbevoegdheid onbekwaam is om 'n verklaring af te lê of 'n volgens hierdie Wet vereiste of veroorloofde handeling te verrig, kan die voog, kurator of ander wettige verteenwoordiger (as daar een is) van daardie persoon of, as daar nie een is nie, 'n persoon deur die hof aangestel by petisie ten behoewe van die onbekwame persoon of ten behoewe van enige ander persoon wat belang het by die aflê van die verklaring of die verrigting van die handeling, die verklaring of 'n verklaring wat so na moontlik daarmee ooreenkom as wat die omstandighede toelaat, aflê en die handeling verrig in die naam en ten behoewe van die onbekwame persoon, en alle handelinge deur sodanige plaasvervanger verrig, is vir die doeleindes van hierdie Wet net so geldig asof hulle verrig was deur die persoon wat hy vervang. Regtens onbekwame persone.

**80.** (1) Die Staatspresident kan 'n tarief, wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, voorskryf van die gelde wat ten opsigte van 'n aansoek, registrasie, aangeleentheid of dokument aan die registrateur betaalbaar is, en die gelde is betaalbaar soos aldus voorgeskryf. Gelde, regulasies, vorms en klassifikasie van goedere.

(2) Die Staatspresident kan ook regulasies, wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, uitvaardig betreffende alle aangeleenthede, met inbegrip van vorms en 'n bylae van die klassifikasie van goedere, wat volgens hierdie Wet by regulasie gereël moet of kan word of wat nodig of nuttig is tot uitvoering van die bepalings van hierdie Wet of tot reëling van enige aangeleentheid met betrekking tot die kantoor van handelsmerke deur hierdie Wet ingestel.

(3) Indien die Senaat of die Volksraad binne dertig dae nadat so 'n tarief of regulasie volgens wet ter Tafel gelê is, besluit dat 'n item van die tarief of dat die regulasie afgekeur word, verval so 'n item of regulasie, sonder dat die geldigheid van wat intussen daarkragtens gedoen is of die reg om 'n nuwe tarief of regulasie uit te vaardig, aangetas word.

**81.** Behoudens die bepalings van artikel *drie*, word die geldigheid van 'n inskrywing met betrekking tot 'n handelsmerk in die register van handelsmerke wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan of in die een of ander van die registers van handelsmerke gehou kragtens die een of ander provinsiale Wet op Handelsmerke wat geag was deel uit te maak van dieselfde aantekening as die laasgenoemde register, bepaal volgens die wette van krag op die datum van sodanige inskrywing: Met dien verstande dat so 'n handelsmerk wat voor die eerste dag van Januarie 1917 geregistreer is, geag word geldiglik geregistreer te gewees het. Oorgangsbepalings.

**82.** (1) Artikels *ses-en-negentig* tot en met *honderd-en-veertig bis* van die „Wet op Patenten, Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916" (Wet No. 9 van 1916), en soveel van die res van daardie Wet en van die Wysigingswet op Patente, Modelle en Handelsmerke, 1947 (Wet No. 19 van 1947), wat op handelsmerke betrekking het, word hierby herroep: Met dien verstande dat enige proklamasie wat kragtens 'n wet wat hierby Herroeping en wysiging van wette.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


Act shall continue in force until repealed by regulation made under this Act.

(2) The Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916, is hereby amended—

(*a*) by the deletion in section *one hundred and ninety-five* of the words "Trade Marks"; and

(*b*) by the deletion in the long title of the words "Trade Marks".

Short title and date of commencement.

**83.** This Act shall be called the Trade Marks Act, 1963, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



herroep word, uitgevaardig is en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, van krag bly totdat dit herroep word by regulasie ingevolge hierdie Wet uitgevaardig.

(2) Die „Wet op Patenten, Modellen, Handelsmerken en Auteursrecht, 1916", word hierby gewysig—

(*a*) deur in artikel *honderd vyf-en-negentig* die woord „Handelsmerken" te skrap; en

(*b*) deur in die lang titel die woord „handelsmerken" te skrap.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

**83.** Hierdie Wet heet die Wet op Handelsmerke, 1963, en tree in werking op 'n datum wat deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


No. 63, 1963.]

# ACT

**To amend the Water Act, 1956.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st June*, 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 63 of Act 54 of 1956, as amended by section 12 of Act 56 of 1961.

**1.** Section *sixty-three* of the Water Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition to sub-section (8) of the following paragraph:

"(*d*) The provisions of this sub-section shall *mutatis mutandis* apply if, as a result of a transfer of any land, whether or not in pursuance of a sub-division of any land, the extent of the land forming part of any piece of land or, as the case may be, of the land belonging to any owner in respect of which water is so required to be supplied, is less than twenty morgen.".

Amendment of section 92 of Act 54 of 1956.

**2.** Section *ninety-two* of the principal Act is hereby amended by the addition of the following sub-section:

"(5) An irrigation board may charge interest at a rate not exceeding seven per cent. per annum on any rates or charges assessed by it which are due and payable but unpaid, as from the date fixed for payment thereof, and the amount of any such rate or charge which is unpaid shall for the purposes of this Act be increased by the amount of such interest accrued in respect thereof: Provided that no interest shall be payable in respect of such last-mentioned amount.".

Insertion of section 157*bis* in Act 54 of 1956.

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section *one hundred and fifty-seven*:

"Granting of loans to irrigation boards for acquisition of land or existing rights.

**157*bis*.** (*a*) A loan may, *mutatis mutandis*, in accordance with the provisions of section *one hundred and fifty-seven*, in so far as they can be applied, be granted to an irrigation board to acquire any land or an existing right for the purpose of exercising any function or power or carrying out any duty assigned to or imposed upon it by or under this Act, as if the acquisition of such land or right were the construction of a water work.

(*b*) A loan so granted shall for the purposes of this Act be deemed to be an irrigation loan.".

Insertion of section 162*bis* in Act 54 of 1956.

**4.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section *one hundred and sixty-two*:

"Subsidies on acquisition of land or existing rights by irrigation boards.

**162*bis*.** (*a*) If a loan has in terms of section *one hundred and fifty-seven bis* been granted to an irrigation board to acquire any land or an existing right, the Minister may, *mutatis mutandis*, in accordance with the provisions of section *one hundred and sixty-two*, in so far as they can be applied, grant to such board a subsidy towards the cost of acquiring such land or right as if such cost were the cost of constructing a water work.

(*b*) A subsidy so granted shall for the purposes of this Act be deemed to have been granted in terms of the said section *one hundred and sixty-two*.".

Amendment of section 170 of Act 54 of 1956.

**5.** Section *one hundred and seventy* of the principal Act is hereby amended by the addition to sub-section (5) of the following paragraph:

"(*c*) The provisions of paragraphs (*a*) and (*b*) of this sub-section shall *mutatis mutandis* apply in respect of any proceedings under a provision of the Hartebeestpoort Irrigation Scheme (Crocodile River) Act, 1914 (Act

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 63, 1963.]

# WET

**Tot wysiging van die Waterwet, 1956.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Junie* 1963.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 63 van Wet 54 van 1956, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 56 van 1961.

**1.** Artikel *drie-en-sestig* van die Waterwet, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by sub-artikel (8) te voeg:

„(*d*) Die bepalings van hierdie sub-artikel geld *mutatis mutandis* indien ten gevolge van 'n oordrag van grond, hetsy ingevolge 'n onderverdeling van grond of nie, die omvang van die grond wat deel uitmaak van 'n stuk grond of, na gelang van die geval, van die grond wat aan 'n eienaar behoort, en ten opsigte waarvan water aldus verskaf moet word, minder as twintig morg is.".

Wysiging van artikel 92 van Wet 54 van 1956.

**2.** Artikel *twee-en-negentig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(5) 'n Besproeiingsraad kan rente teen 'n koers van hoogstens sewe persent per jaar hef op belastings of vorderings wat deur hom gehef is en wat verskuldig en betaalbaar is maar nie betaal is nie, vanaf die datum wat vir die betaling daarvan vasgestel is, en die bedrag van enige sodanige belasting of vordering wat nie betaal is nie, word vir die doeleindes van hierdie Wet verhoog met die bedrag van sodanige rente wat ten opsigte daarvan opgeloop het: Met dien verstande dat geen rente ten opsigte van sodanige laasgenoemde bedrag betaalbaar is nie.".

Invoeging van artikel 157*bis* in Wet 54 van 1956.

**3.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel *honderd sewe-en-vyftig* ingevoeg:

„Toestaan van lenings aan besproeiingsrade vir verkryging van grond of bestaande regte.

**157*bis*.** (*a*) 'n Lening kan *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel *honderd sewe-en-vyftig*, vir sover hulle toegepas kan word, toegestaan word aan 'n besproeiingsraad om grond of 'n bestaande reg te verkry ten einde 'n werksaamheid te verrig, 'n bevoegdheid uit te oefen of 'n plig te vervul wat by of kragtens hierdie Wet aan hom toegewys of opgelê is, asof die verkryging van sodanige grond of reg die bou van 'n waterwerk was.

(*b*) 'n Lening aldus toegestaan, word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n besproeiingslening te wees.".

Invoeging van artikel 162*bis* in Wet 54 van 1956.

**4.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel *honderd twee-en-sestig* ingevoeg:

„Subsidies op verkryging van grond of bestaande regte deur besproeiingsrade.

**162*bis*.** (*a*) Indien 'n lening ingevolge artikel *honderd sewe-en-vyftig bis* aan 'n besproeiingsraad toegestaan is om grond of 'n bestaande reg te verkry, kan die Minister *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel *honderd twee-en-sestig*, vir sover hulle toegepas kan word, aan dié raad 'n subsidie toeken ten opsigte van die koste van verkryging van daardie grond of reg, asof sodanige koste die koste van die bou van 'n waterwerk was.

(*b*) 'n Subsidie wat aldus toegeken is, word by die toepassing van hierdie Wet geag ingevolge genoemde artikel *honderd twee-en-sestig* toegeken te wees.".

Wysiging van artikel 170 van Wet 54 van 1956.

**5.** Artikel *honderd-en-sewentig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by sub-artikel (5) te voeg:

„(*c*) Die bepalings van paragrawe (*a*) en (*b*) van hierdie sub-artikel is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van verrigtings kragtens 'n bepaling van die ‚Hartebeestpoort Besproeiingsschema (Krokodilrivier) Wet,

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 32 of 1914), the Marico-Bosveld Irrigation Scheme Act, 1932 (Act No. 10 of 1932), the Vaal River Development Scheme Act, 1934 (Act No. 38 of 1934), the Oliphants River Irrigation Works Act, 1943 (Act No. 10 of 1943), the Buffelspoort Irrigation Scheme Act, 1948 (Act No. 31 of 1948), the Bospoort Irrigation Scheme Act, 1949 (Act No. 24 of 1949), or the Mooi River River District Adjustment Act, 1954 (Act No. 37 of 1954), or of any regulation made thereunder, which corresponds to a provision of paragraph (*b*) of sub-section (1) of this section.".

Short title.

**6.** This Act shall be called the Water Amendment Act, 1963.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



1914' (Wet No. 32 van 1914), die Marico-Bosveld Besproeiingskema Wet, 1932 (Wet No. 10 van 1932), die Vaalrivier Uitbreidingskema Wet, 1934 (Wet No. 38 van 1934), die Wet op die Olifantsrivier-besproeiingswerke, 1943 (Wet No. 10 van 1943), die Wet op die Besproeiingskema Buffelspoort, 1948 (Wet No. 31 van 1948), die Wet op die Besproeiingskema Bospoort, 1949 (Wet No. 24 van 1949), of die Wet tot Reëling van die Rivierdistrik Mooirivier, 1954 (Wet No. 37 van 1954), of van 'n regulasie daarkragtens uitgevaardig, wat ooreenstem met 'n bepaling van paragraaf (*b*) van sub-artikel (1) van hierdie artikel.".

**6.** Hierdie Wet heet die Water-wysigingswet, 1963. Kort titel.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 64, 1963.]

# ACT

**To amend the Republic of South Africa Constitution Act, 1961.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 21*st June*, 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 74 of Act 32 of 1961.

**1.** Section *seventy-four* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after the word "council" of the words "other than members who are also members of the executive committee".

Amendment of section 76 of Act 32 of 1961, as amended by section 1 of Act 22 of 1963.

**2.** Section *seventy-six* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the deletion in sub-section (3) of the words "the provincial council, with the approval of"; and

(*b*) by the addition to that sub-section of the following paragraph, the existing sub-section becoming paragraph (*a*)—

"(*b*) There shall be no differentiation as regards the remuneration determined under paragraph (*a*) in respect of the members of the various executive committees except to the extent that the remuneration of such members who in the opinion of the State President perform full time service may differ from the remuneration of such members who in his opinion do not perform full time service.".

Short title and commencement.

**3.** This Act shall be called the Provincial Executive Committees Act, 1963, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 64, 1963.]

# WET

**Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Junie* 1963.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 74 van Wet 32 1961.

**1.** Artikel *vier-en-sewentig* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na die woord „raadslede" die woorde „behalwe raadslede wat ook lede van die uitvoerende komitee is" in te voeg.

Wysiging van artikel 76 van Wet 32 van 1961, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 22 van 1963.

**2.** Artikel *ses-en-sewentig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in sub-artikel (3) die woorde „die provinsiale raad met goedkeuring van" te skrap; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by daardie sub-artikel te voeg, terwyl die bestaande sub-artikel paragraaf (*a*) word—

„(*b*) Daar word wat betref die vergoeding kragtens paragraaf (*a*) vasgestel, geen onderskeid ten opsigte van die lede van die verskillende uitvoerende komitees gemaak nie, behalwe in soverre dat die vergoeding van sodanige lede wat volgens die Staatspresident se oordeel voltyds dien, kan verskil van die vergoeding van sodanige lede wat volgens sy oordeel nie voltyds dien nie.".

Kort titel en inwerkingtreding.

**3.** Hierdie Wet heet die Wet op Provinsiale Uitvoerende Komitees, 1963, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 65, 1963.]

# ACT

**To amend the Unit Trusts Control Act, 1947.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 21st June*, 1963.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 18 of 1947, as amended by section 1 of Act 11 of 1962.

**1.** Section *one* of the Unit Trusts Control Act, 1947 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "compulsory charge" of the following definition:

"'compulsory charge' means any fiscal charge in connection with the creation and issue of units and any necessary charge payable for the benefit of a person other than the management company concerned or its agents (not being members of a recognized stock exchange) in connection with the acquisition of the underlying securities included or to be included in a unit portfolio;";

(*b*) by the insertion after the definition of "fixed property company" of the following definition:

"'income accruals' means any dividends or interest or any other income for distribution received by the trustee or the management company on behalf of holders of units in the course of any income distribution period or carried forward from any previous income distribution period or due to such holders in respect of dividend or interest or any other income declarations made but not yet distributed;";

(*c*) by the substitution in the definition of "made-up price" for the words "an amount calculated to cover" of the words "amounts calculated to cover income accruals,";

(*d*) by the substitution in the definition of "service charge" for the words "market value of the total assets comprising the unit portfolio at the date the charge is levied" of the words "average month-end market value of the total assets (excluding income accruals) comprising the unit portfolio during the income distribution period for which the charge is levied"; and

(*e*) by the insertion in the definition of "underlying securities" after the word "by" of the words "or due to".

Amendment of section 3 of Act 18 of 1947, as amended by section 3 of Act 11 of 1962.

**2.** Section *three* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the addition at the end of sub-section (2) of the following proviso:

"Provided that the registrar may in his discretion, and on such conditions as he may deem fit, exempt any registered management company from compliance with the requirements of paragraph (*b*), for such a period, not exceeding six months, as he may determine."; and

(*b*) by the insertion after sub-section (2) of the following sub-section:

"(2)*bis* A management company which has not been exempted under the proviso to sub-section (2), shall, if at any time it ceases to comply with the requirements of paragraph (*b*) of that sub-section, within a period of three months thereafter in writing report to the registrar to that effect.".

Amendment of section 8 of Act 18 of 1947, as substituted by section 7 of Act 11 of 1962.

**3.** Section *eight* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-section (1) for the words following the word "securities" where it occurs for the fourth time of the words "in any investment company, ten per centum of the aggregate amount of the issued securities of any one class in such company; and".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 65, 1963.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 21 *Junie* 1963.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 18 van 1947, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 11 van 1962.

**1.** Artikel *een* van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1947 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „verpligte koste" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,verpligte koste' enige belastingvordering in verband met die skepping en uitreiking van onderaandele en enige noodsaaklike vordering betaalbaar vir die voordeel van 'n ander persoon as die betrokke bestuursmaatskappy of sy agente (wat nie lede van 'n erkende effektebeurs is nie) in verband met die verkryging van die groepvormende effekte wat in 'n effektegroep ingesluit is of staan te word;";

(*b*) deur na die omskrywing van „vaste-eiendomsmaatskappy" die volgende omskrywing in te voeg:

„,inkomstetoevallings' enige diwidende of rente of enige ander inkomste vir uitkering wat deur die trustee of die bestuursmaatskappy ten behoewe van die besitters van onderaandele gedurende 'n inkomste-uitkeringstydperk ontvang is of van 'n vorige sodanige tydperk oorgedra is of aan sodanige besitters toekom ten aansien van diwidende of rente of enige ander toedelings van inkomste wat gemaak maar nog nie uitgekeer is nie;";

(*c*) deur in die omskrywing van „insetprys" die woorde „'n bedrag bereken om" deur die woorde „bedrae bereken om inkomstetoevallings," te vervang;

(*d*) deur in die omskrywing van „diensgeld" die woorde „markwaarde van die totale bates waaruit die effektegroep bestaan op die datum waarop die vordering gehef word" deur die woorde „gemiddelde maandelikse markwaarde, bereken volgens die markwaardes aan die end van elke maand, van die totale bates (behalwe inkomstetoevallings) waaruit die effektegroep bestaan gedurende die inkomste-uitkeringstydperk ten opsigte waarvan die vordering gehef word" te vervang; en

(*e*) deur in die omskrywing van „groepvormende effekte" na die woord „word" die woorde „of aan hulle toekom" in te voeg.

Wysiging van artikel 3 van Wet 18 van 1947, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 11 van 1962.

**2.** Artikel *drie* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur aan die end van sub-artikel (2) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat die registrateur na goeddunke, en op die voorwaardes wat hy goedvind, 'n geregistreerde bestuursmaatskappy vir 'n tydperk van hoogstens ses maande deur hom bepaal van voldoening aan die vereistes van paragraaf (*b*) kan vrystel."; en

(*b*) deur na sub-artikel (2) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(2)*bis* 'n Bestuursmaatskappy wat nie ingevolge die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (2) vrygestel is nie, moet, indien hy te eniger tyd ophou om aan die vereistes van paragraaf (*b*) van daardie sub-artikel te voldoen, binne 'n tydperk van drie maande daarna 'n skriftelike verslag te dien effekte by die registrateur indien.".

Wysiging van artikel 8 van Wet 18 van 1947, soos vervang deur artikel 7 van Wet 11 van 1962.

**3.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-paragraaf (ii) van paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) die woorde na die woord „effekte" waar dit die vierde maal voorkom deur die woorde „in enige beleggingsmaatskappy, tien persent van die totale bedrag van uitgereikte effekte van enige besondere kategorie in bedoelde maatskappy; en" te vervang.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amendment of section 8*ter* of Act 18 of 1947, as inserted by section 7 of Act 11 of 1962.

**4.** Section *eight ter* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "of its formation" of the words "on which the management company commences the selling of units to the public".

Amendment of section 11 of Act 18 of 1947, as amended by section 11 of Act 11 of 1962.

**5.** Section *eleven* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*c*) of sub-section (1) of the following paragraph:

"(*c*) an undertaking by the management company to repurchase any number of units offered to it on the basis of prices calculated in accordance with the requirements of this Act and on the terms and conditions set forth in the trust deed;";

(*b*) by the deletion in paragraph (*d*) of that sub-section of all the words after the word "amortized";

(*c*) by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:

"(2) Any reference in any price list, advertisement, brochure or similar document published by a management company or by any of its authorized agents, to the yield to be derived from any unit offered for sale by the company, shall be confined—

(*a*) in the case of any such document published after the lapse of a period of twelve months following the date of the first offer of units to the public, to particulars of the yield, calculated in the manner prescribed in the relevant trust deed, for the last preceding period of twelve months for which dividends have been declared, and a statement as to any facts likely to influence future yield; and

(*b*) in the case of any such document published within the firstmentioned period, to information as to the probable yield calculated in a manner clearly set out in such document."; and

(*d*) by the deletion of sub-section (4).

Amendment of section 17 of Act 18 of 1947, as substituted by section 15 of Act 11 of 1962.

**6.** Section *seventeen* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (2) after the figure "(1)" of the words ", an amount calculated to cover taxes and auditor's fees for which the unit portfolio in question is liable".

Amendment of section 18 of Act 18 of 1947, as substituted by section 16 of Act 11 of 1962.

**7.** Section *eighteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:

"(2) Every management company shall at least once every three months furnish to the registrar a full list of all the underlying securities, reflected in the manner required by paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *ten*, comprised in any unit portfolio managed by it, and any such list shall be kept available at the registered office of the management company and at the office of every authorized agent of the management company for inspection during ordinary office hours by any unit certificate holder or other person *bona fide* interested in the purchase of unit certificates from the company.".

Amendment of section 19 of Act 18 of 1947, as amended by section 17 of Act 11 of 1962.

**8.** Section *nineteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution in sub-section (1) for the word "fourteen" of the word "twenty-eight".

Amendment of section 22 of Act 18 of 1947, as substituted by section 20 of Act 11 of 1962.

**9.** Section *twenty-two* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (*d*) of sub-section (1) for the word "sale" of the word "issue";

(*b*) by the substitution in paragraph (*f*) of that sub-section for the words "units offered to it by the holders thereof" of the words ", subject to such terms and conditions as may in terms of the trust deed apply, any number of units offered to it, on the basis of prices calculated not more than twenty-four hours

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


**4.** Artikel *agt ter* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „dit gevorm word" deur die woorde „die bestuursmaatskappy onderaandele aan die publiek begin verkoop" te vervang.

Wysiging van artikel 8*ter* van Wet 18 van 1947, soos ingevoeg deur artikel 7 van Wet 11 van 1962.

**5.** Artikel *elf* van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 11 van Wet 18 van 1947, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 11 van 1962.

(*a*) deur paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*c*) 'n onderneming deur die bestuursmaatskappy om enige getal onderaandele wat hom aangebied word, terug te koop op die grondslag van pryse bereken ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet en op die bedinge en voorwaardes in die trustakte vervat;";

(*b*) deur in paragraaf (*d*) van daardie sub-artikel al die woorde na die woord „nie" te skrap;

(*c*) deur sub-artikel (2) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(2) Enige verwysing in 'n pryslys, advertensie, brosjure of soortgelyke dokument deur 'n bestuursmaatskappy of enige van sy gemagtigde agente uitgegee, na die opbrings wat verkry kan word uit 'n onderaandeel deur die maatskappy te koop aangebied, moet beperk word—

(*a*) in die geval van so 'n dokument uitgegee na verstryking van 'n tydperk van twaalf maande na die datum waarop onderaandele die eerste keer aan die publiek aangebied word, tot besonderhede van die opbrings, bereken op die wyse in die betrokke trustakte voorgeskryf, vir die laaste vorige tydperk van twaalf maande waarvoor diwidende verklaar is, en 'n verklaring aangaande feite wat die toekomstige opbrings waarskynlik sal beïnvloed; en

(*b*) in die geval van so 'n dokument binne eersbedoelde tydperk uitgegee, tot inligting omtrent die waarskynlike opbrings bereken op 'n wyse wat duidelik in dié dokument uiteengesit word."; en

(*d*) deur sub-artikel (4) te skrap.

**6.** Artikel *sewentien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) na die woord „bedrae" waar dit die tweede maal voorkom die woorde „, 'n bedrag bereken om belastings en ouditeursgelde waarvoor die betrokke effektegroep aanspreeklik is" in te voeg.

Wysiging van artikel 17 van Wet 18 van 1947, soos vervang deur artikel 15 van Wet 11 van 1962.

**7.** Artikel *agtien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-artikel (2) deur die volgende sub-artikel te vervang:

Wysiging van artikel 18 van Wet 18 van 1947, soos vervang deur artikel 16 van Wet 11 van 1962.

„(2) Elke bestuursmaatskappy lê ten minste een maal elke drie maande aan die registrateur 'n volledige lys voor waarin al die groepvormende effekte opgeneem in 'n effektegroep wat die maatskappy bestuur, volgens voorskrif van paragraaf (*c*) van sub-artikel (1) van artikel *tien* aangetoon word, en so 'n lys moet by die geregistreerde kantoor van die bestuursmaatskappy en by die kantoor van elke gemagtigde agent van die bestuursmaatskappy beskikbaar gehou word vir insae gedurende gewone kantoorure deur enige besitter van onderaandeelsertifikate of ander persoon wat *bona fide* belangstel in die aankoop van onderaandeelsertifikate van die maatskappy.".

**8.** Artikel *negentien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woord „veertien" deur die woord „agt-en-twintig" te vervang.

Wysiging van artikel 19 van Wet 18 van 1947, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 11 van 1962.

**9.** Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 22 van Wet 18 van 1947, soos vervang deur artikel 20 van Wet 11 van 1962.

(*a*) deur in sub-paragraaf (i) van paragraaf (*d*) van sub-artikel (1) die woord „verkoop" deur die woord „uitreiking" te vervang;

(*b*) deur in paragraaf (*f*) van daardie sub-artikel die woorde „onderaandeelsertifikate terug te koop wat hom deur die besitters daarvan aangebied word" deur die woorde „enige getal onderaandele wat hom aangebied word terug te koop, onderworpe aan die bedinge en voorwaardes wat ingevolge die trustakte van toepassing is, op grondslag van pryse wat hoogstens vier-en-twintig uur tevore bereken is, of (indien

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


previously or (if during the preceding twenty-four hours the stock exchange was closed) on such basis as may be prescribed in the trust deed"; and

(*c*) by the addition at the end of sub-section (2) of the following paragraph:

"(*j*) the manner in which units are to be cancelled.".

Amendment of section 36 of Act 18 of 1947, as substituted by section 35 of Act 11 of 1962.

**10.** Section *thirty-six* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the words "share in" of the words "an asset or".

Short title and commencement.

**11.** This Act shall be called the Unit Trusts Control Amendment Act, 1963, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—C240.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


die effektebeurs gedurende die voorafgaande vier-en-twintig uur gesluit was) op die grondslag in die trustakte voorgeskryf" te vervang; en

(*c*) deur aan die end van sub-artikel (2) die volgende paragraaf by te voeg:

„(*j*) die wyse waarop onderaandele gekanselleer moet word.".

Wysiging van artikel 36 van Wet 18 van 1947, soos vervang deur artikel 35 van Wet 11 van 1962.

**10.** Artikel *ses-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) na die woorde „aandeel in" die woorde „'n bate of" in te voeg.

Kort titel en inwerkingtreding.

**11.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Beheer van Effekte-trustskemas, 1963, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* vasstel.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP EN TRANSVAAL DRUKKERS BEPERK, KAAPSTAD—C240.